# DIE ROL VAN DIE ONTBREKENDE VADERFIGUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS. 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIE

**Fazel Ebrihiam Freeks**

**B.A., Honns. B.A., HOD (Sek.) (PU vir CHO),**
**N6 Dipl. (Menslike Hulpbronnebestuur)**

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium in Praktiese Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier : Prof. dr. G.A. Lotter

Potchefstroom

2004

**HIERDIE STUDIE VERONDERSTEL 'N OPROEP AAN ALLE VADERS OM HULLE GODDELIKE EN REGMATIGE ROL IN DIE GESIN TE VERVUL**

*"MAN IS HEAVEN'S MASTERPIECE AND SO IS THE FATHER THE DECORATING PIECE IN THE FAMILY*

**NO FATHER IS BORN INTO THE WORLD WHOSE WORK AND RESPONSIBILITIES HAS NOT BEEN WITH HIM**

*IF YOU NEVER HAVE A FATHER, YOU CAN CHOOSE ANY ONE, BUT THE MOST SUITABLE AND APPROPRIATE ONE IS FATHER **GOD**"*

(Uit Lana van Niekerk, *Thoughts on Success*, p.27)

# VOORWOORD

Hierdie studie sal nie sukses behaal het nie, as die volgende persone en instansies nie voldoende erkenning en waardering kry nie:

- My opregte dank en waardering aan my studieleier, prof. G.A. Lotter vir sy ondersteuning en leiding gedurende my studietyd. Sy leiding, ondersteuning en vriendelike geaardheid word baie waardeer.
- Dr. I.J. Henning vir sy insae en inspraak tydens die mondelinge eksamen van die Magistergraad.
- Mev. S.C. de Bruyn wat die tegniese en taalversorging behartig het. Baie dankie daarvoor. Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek en in besonder mev. Gerda van Rooyen vir haar uitstekende hulp, ondersteuning en kontrolering van die bronnelys.
- Die respondente wat onderhoude toegestaan en die vraelyste voltooi het.
- Vuselela College, Potchefstroom Campus, se finansiële ondersteuning.
- Die klasgroep van Publieke Administrasie N3 (deeltyds) 2003 vir hulle ondersteuning en motivering.
- My vrou, Enanceata, vir al die opofferings wat sy gedurende my studie moes maak asook haar liefde, insette en ondersteuning.
- My skoonouers, mnr. Denzil en mev. Grace Pillay en my skoonsuster, mej. Eurika Pillay se gebede, ondersteuning, bemoediging en motivering tydens my studie.

**Hierdie studie word opgedra aan my dogter Fagaria P.F. Freeks, wat gebore is op 15 Maart 1989**

## INHOUDSOPGAWE

# DIE ROL VAN DIE ONTBREKENDE VADERFIGUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS.
# 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIE


HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. INLEIDING ..... 1
1.1 TITEL ..... 1
1.2 PROBLEEMSTELLING ..... 1
1.2.1 Agtergrond ..... 1
1.2.2 Wêreldwye tendens ..... 2
1.2.3 Die tendens in Suid-Afrika ..... 3
1.2.4 Die huidige tendens in Promosa ..... 5
1.3 NAVORSINGSVRAAG ..... 6
1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE ..... 7
1.4.1 Doelstelling ..... 7
1.4.2 Doelwitte ..... 7
1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ..... 7
1.6 METODE VAN ONDERSOEK ..... 7
1.6.1 Literatuurontleding ..... 7
1.6.2 Empiriese ondersoek ..... 8
1.6.2.1 Vraelyste ..... 8
1.6.2.2 Fases van ondersoek ..... 8
1.6.3 Ineenskakeling van teorieë ..... 9
1.7 HOOFSTUKINDELING ..... 9
1.8 SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE AAN TE TOON ..... 10

HOOFSTUK 2: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE GESIN

2.1 INLEIDING ..... 11
2.1.1 Wat is basisteorie? ..... 11
2.1.2 Die Skrif se plek in die formulering van 'n basisteorie ..... 11
2.1.3 Doelstelling ..... 12
2.2 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP GOD AS VADER – METAFOOR IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT ..... 13
2.2.1 In die Ou Testament ..... 13

2.2.2 In die Nuwe Testament ... 15
2.2.2.1 Jesus Christus se verwysing na God as sy Vader ... 17
2.3 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VAN MENSLIKE VADERSKAP IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT ... 18
2.3.1 In die Ou Testament ... 18
2.3.2 In die Nuwe Testament ... 22
2.4 VOORLOPIGE SAMEVATTING: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE GESIN ... 28
2.5 SLOT ... 29

HOOFSTUK 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ONTBREKENDE VADER IN DIE GESIN
3.1 INLEIDING ... 31
3.1.1 Doelstelling ... 31
3.2 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE SOSIOLOGIE ... 32
3.2.1 Die term *Sosiologie* ... 32
3.2.2 Sosiologiese perspektiewe ... 32
3.3 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE PSIGOLOGIE ... 38
3.3.1 Die term Psigologie ... 38
3.3.2 Psigologiese perspektiewe ... 39
3.4 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE MAATSKAPLIKE WERK ... 48
3.4.1 Die term *Maatskaplike Werk* ... 48
3.4.2 Maatskaplike perspektiewe ... 49
3.5 EMPIRIESE NAVORSING ... 60
3.5.1 Inleiding ... 60
3.5.2 Doelwit ... 60
3.5.3 Empiriese ondersoek ... 60
3.5.3.1 Kwalitatiewe ondersoek ... 61
3.5.4 Metode van ondersoek ... 61
3.5.4.1 Vraelyste (vgl. Bylaag B) ... 61
3.6 MEDEDELINGS DEUR RESPONDENTE ... 61
3.6.1 Mededelings deur respondent A ... 62
3.6.1.1 Persoonlike inligting ... 62
3.6.1.2 Algemene opmerkings ... 62
3.6.1.3 Die godsdiensaspek ... 62
3.6.1.4 Die invloed op die kind(ers) ... 63
3.6.2 Mededelings deur respondent B ... 63
3.6.2.1 Persoonlike inligting ... 63
3.6.2.2 Algemene opmerkings ... 63
3.6.2.3 Die godsdiensaspek ... 64
3.6.2.4 Die invloed op die kind(ers) ... 64
3.6.3 Mededelings deur respondent C ... 64
3.6.3.1 Persoonlike inligting ... 64
3.6.3.2 Algemene opmerkings ... 65
3.6.3.3 Die godsdiensaspek ... 65
3.6.3.4 Die invloed op die kind(ers) ... 65
3.6.4 Mededelings deur respondent D ... 66

3.6.4.1 Persoonlike inligting ..... 66
3.6.4.2 Algemene opmerkings ..... 66
3.6.4.3 Die godsdiensaspek ..... 66
3.6.4.4 Die invloed op die kinders ..... 66
3.6.5 Mededelings deur respondent E ..... 67
3.6.5.1 Persoonlike inligting ..... 67
3.6.5.2 Algemene opmerkings ..... 67
3.6.5.3 Die godsdiensaspek ..... 67
3.6.5.4 Die invloed op die kinders ..... 68
3.6.6 Mededelings deur respondent F ..... 68
3.6.6.1 Persoonlike inligting ..... 68
3.6.6.2 Algemene opmerkings ..... 68
3.6.6.3 Die godsdiensaspek ..... 69
3.6.6.4 Die invloed op die kinders ..... 69
3.6.7 Mededelings deur respondent G ..... 69
3.6.7.1 Persoonlike inligting ..... 69
3.6.7.2 Algemene opmerkings ..... 69
3.6.7.3 Die godsdiensaspek ..... 70
3.6.7.4 Die invloed op die kinders ..... 70
3.6.8 Mededelings deur respondent H ..... 70
3.6.8.1 Persoonlike inligting ..... 70
3.6.8.2 Algemene opmerkings ..... 70
3.6.8.3 Die godsdiensaspek ..... 71
3.6.8.4 Die invloed op die kinders ..... 72
3.7 VOORLOPIGE SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3 ..... 72
3.7.1 Sosiologiese perspektiewe ..... 72
3.7.2 Psigologiese perspektiewe ..... 73
3.7.3 Maatskaplike Werk se perspektiewe ..... 74
3.8 EMPIRIESE ONDERSOEK ..... 76
3.9 SLOT ..... 79

HOOFSTUK 4: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OF RIGLYNE VIR DIE VADER BINNE DIE GESIN EN DIE GEMEENSKAP
4.1 INLEIDING ..... 80
4.2 DOELSTELLING ..... 80
4.3 BYBELSE BERADING? ..... 81
4.3.1 Wat is Bybelse berading? ..... 81
4.3.2 Die doel van Bybelse berading ..... 82
4.4 DIE BERADINGSVERHOUDING ..... 82
4.4.1 Die berader ..... 82
4.4.2 Die beradene ..... 83
4.5 DIE BERADINGSPROSES ..... 84
4.5.1 Teologiese vertrekpunte ..... 84
4.5.2 Skrifgebruik by Bybelse berading ..... 84
4.5.3 Gebed by Bybelse berading ..... 85
4.6 DIE VERSKILLENDE MODELLE VIR BYBELSE BERADING ..... 86
4.6.1 Adams se *noetetiese* beradingsmodel ..... 86
4.6.2 Collins se beradingsmodel tot die hulp van mense ..... 87

4.6.3 Smith se "Theophostic" beradingsmodel ........ 87
4.6.4 Crabb se beradingsmodel van vertroosting ........ 88
4.6.5 Gebruik van modelle ........ 88
4.7 DIE NAVORSER SE VOORGESTELDE MODEL ........ 88
4.7.1 Hoe kan die vader sy rol behoorlik vervul ? ........ 89
4.7.1.1 Die vader se rol met betrekking tot die baba ........ 89
4.7.1.2 Die vader se rol by die kleuter ........ 90
4.7.1.3 Die vader se rol by die hoërskool tiener ........ 92
4.8 DIE VADER SE ROL MET BETREKKING TOT DIE KIND SE GELOOFSLEWE ........ 95
4.9 DIE KWALITEITE EN ROLVERVULLING VAN DIE VADER ........ 98
4.10 VOORLOPIGE SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4 ........ 107
4.11 SLOT ........ 110

HOOFSTUK 5: BEVINDINGS
5.1 FINALE GEVOLGTREKKINGS ........ 111
5.2 SLOT ........ 115
5.3 ANDER VOORGESTELDE TERREINE VAN STUDIE ........ 116

OPSOMMING ........ 117
SUMMARY ........ 119
BYLAAG A ........ 121
BYLAAG B ........ 122
BRONNELYS ........ 128

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1. INLEIDING

### 1.1 TITEL

Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Prakties-teologiese studie.

**Sleutelterme of kernwoorde:**

*Die rol van die vader, enkelouer, vaders en dogters, vaders en seuns, vaderskap, ouers, kinders, afwesige vader, vaderidentifikasie, vaderbetrokkenheid.*

**Data basisse:**

ATLA, RSAT, ERIC, NEXUS, DATABASE SYSTEM, TYDSKRIFTE, INTERNET.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

#### 1.2.1 Agtergrond

Volgens die Skrif (Gen. 1:27) het God die mens geskape as sy verteenwoordiger en as beeld van God het hy hulle man en vrou geskape. In Genesis 2:24 en volgens Efesiërs 5:31-32 verklaar die Skrif dat die man en vrou een sal wees.

God as Vader (Ps. 89:26; Jes. 9:6; Jer. 3:19; Matt. 5:16; 6:9; Mark. 14:3; Luk. 11:2) het die mens man en vrou geskape (Gen. 1:26) waar die man as vader moet optree en waar die vrou as moeder van die gesin moet optree.

In Eksodus 20:12 en Efesiërs 6:1-3 verduidelik die Skrif dat jy jou vader en jou moeder moet eer, sodat jou dae verleng mag word. Soos wat God Vader is van alle vlees (Jer. 32:27), word op 'n analogiese wyse 'n vaderbeeld voorgestel van die man as die vader en hoof van die gesin (Ef. 5:23). Christus is ook die hoof van die huis en die kerk. In Eksodus 21:15 word daar melding gemaak dat wie sy vader en moeder slaan of leed aandoen, die doodstraf moet kry. Paulus skryf weer van die vaders wat nie hulle kinders moet toornig maak nie (Ef. 6:4). Die vader word altyd eerste genoem as dit kom by eer, teregwysing en vermaning (vgl. Eks. 21:15; Spr. 1:8; Ef. 3:4). In ander Skrifgedeeltes word na die vader as die man of hoof van die vrou verwys (vgl. Gen. 3:16; Spr. 12; Mark. 10:12; Joh. 4:16; Rom. 7:2; 1 Kor. 7:3; 2 Kor. 11:2; Ef. 5:23; 5:25; Op. 21:2).

Die vader is baie belangrik en daarom moet sy hart op God gerig word wanneer hy sy vrou lief het en sy kinders opvoed (Anon, 1998:96; vgl. Mal. 4:6; Ef. 6:4; Kol. 3:20-21; Deut. 6:4-9; en Tim. 3:4-5; 5:8).

### 1.2.2 Wêreldwye tendens

Die tendens van 'n ontbrekende vader kom nie net in plaaslike gemeenskappe voor nie, maar wêreldwyd (Family life, 1998:1). Hier het ook die Amerikaanse kultuur probleme ondervind, veral om 'n gesonde huwelik in stand te hou (Morgan, 1996:26-27).

Die afwesige vader laat probleme by 'n gemeenskap ontwikkel (Staples, 1999:103-111). Na die gemeenskap word die hele volk benadeel (Lupton & Barclay, 1997: 12-17). Volgens Staples (1999:195-198) het die ontbrekende vader geweldige implikasies vir 'n bevolking.

Abraham Lincoln (vgl. Family Life, 1998:2) het verklaar dat die sterkte van 'n volk lê in die huis waar die vader en die moeder teenwoordig moet wees. Volgens Staples (1999: 32-35) is dit by swart gemeenskappe veel erger. Hulle omstandighede en toestande is baie anders as by ander gemeenskappe en daarom ondervind hulle 'n mislukte gesinslewe as gevolg van die afwesige vader.

### 1.2.3 Die tendens in Suid-Afrika

As gevolg van die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika is baie vaders van hulle gesinne afwesig. Hier het navorsing getoon dat kinders (veral seuns) wegbeweeg na misdaad weens die afwesige vader (Anon, 1998:96).

Volgens Steyn (1993:74-76) kry ons veral die tendens in Suid-Afrika waar baie vaders 'n ver afstand van die huis af gaan werk, byvoorbeeld by myne en industrieë. Alhoewel die vader geld huis toe stuur, bly hy nogtans afwesig. 'n Verdere probleem wat Steyn (1993:76-77) rondom die afwesige vader aanwys, is die ontstaan van 'n enkelouerskap omdat die vader permanent afwesig is.

Hierdie neigings volgens Nhlapo (1998:9) kan baie nadelig wees, veral met die voortbestaan van die gesin.

In die geval waar die vader van die gesin vervreem is en tog toenadering tot die kinders soek, word hy in baie gevalle deur die moeder geweier om sy vaderrol te vervul (Boberg, 1988: 35). Herb en Willoughby-Herb (1998:45-47) sê die betrokkenheid van die vaders bevoordeel die kinders en die betrokkenheid van die kinders bevoordeel weer die vaders. Volgens Teachman *et al.* (1998:835) word die klem baie meer op vaders geplaas juis omdat die meeste enkelouerskappe net uit vroue bestaan. Teachman *et al.* (1998:836) beveel aan dat beide ouers, vader en moeder, 'n bydrae moet lewer as dit kom by die kind se kognitiewe en gedragsvermoë.

Burgess (1997: 2-86) verklaar as daar nie 'n vader betrokke is nie, daar geen verwagting meer is nie. Die rol van die vader kan nie net om ekonomiese

redes wees nie, want dan is hy nog steeds afwesig. Sy rol is dieperliggend, hy moet teenwoordig wees by die opgroei van die kinders (Hamand, 1994:9-10). MacDonald (1989:22-23) en Johnson (1983:22-23) verwys na die feit dat as die vader nie effektief optree nie, dissipline ontbreek en orde, stabiliteit en groei in die gesin kan daardeur nadelig beïnvloed word.

Benghiat (2001:64) meld dat die gebrek aan 'n vaderrol 'n groot skuif na geëmansipeerdheid te weeg gebring het. Hy meen veral dat seuns identifiseringsprobleme ondervind as gevolg van die afwesigheid van die vader.

Volgens Engelbrecht (vgl. Snyman & Le Roux, 1993:87) beklemtoon opvoedkundiges en sielkundiges dat die sorg van *beide* vader en moeder vir die aktualisering van enige kind nodig is.

Waar die een of beide van die ouers afwesig is as gevolg van dood, egskeiding, of enige ander rede, met ander woorde waar versteuring voorkom, dan word die hele situasie versteur (Snyman & Le Roux,1993:87).

Volgens Snyman *et al.* (vgl. Olivier, 1997:19) dui die begrip *enkelouergesin* as 'n gesinseenheid daarop waar een van die ouers afwesig is en die oorblywende ouer vir die toesig en versorging van die kinders in die huis verantwoordelik is.

Die afwesigheid van die vader veroorsaak algemene probleme. Olivier (1997:19-20) onderskei tussen finansiële probleme wat armoede teweeg bring en sosiale probleme as gevolg van verminderde sosiale kontak en isolasie. Maatskaplike probleme kan tot verlaagde lewenstandaard lei en affektiewe probleme kan verlies aan emosionele sekuriteit, gevoel van onsekerheid, bitterheid en selftwyfel veroorsaak.

Die ontbrekende vader toon nie net geestelike implikasies by 'n gesin nie. Daar is ook die fisiese aspekte wat probleme te weeg bring (Van Wyk, 1983:27-30).

Volgens MacDonald (1990:39-41) speel affektiewe vaderskap 'n baie essensiële rol, veral by die geboorte van kinders.

Campbell (1994:55-56) maak melding daarvan dat die groeiende faktor in die gesin, die vroulike rol is. Hy sê verder dat dit vir die ma baie moeilik is om sonder 'n vader jong seuns in 'n gesin op te voed en te dissiplineer.

Campbell (1994:55-56) het navorsing onder jong seuns en hulle ouers (ma's) gedoen om vas te stel hoe beheerbaar 'n ma in 'n gesin sonder 'n vader funksioneer. Van die opnames wys dat die ma alleen misluk om jong seuns behoorlik te dissiplineer en te lei. As 'n vader teenwoordig was, sal daar 'n verskil kon gewees het.

Van die kandidate onder wie die navorsing gedoen was, het meegedeel dat hulle nie notisie geneem het van hulle ma's nie, maar sal definitief reageer as daar 'n vaderfiguur teenwoordig was (Campbell, 1994:56).

### 1.2.4 Die huidige tendens in Promosa

In die Promosa-gebied, (Potchefstroom se tradisionele "Kleurling" woonbuurt) waar die navorser as kind opgegroei het, het die probleem van die afwesige vader die navorser grootliks aangeraak en negatief beïnvloed. Die navorser noem sekere dinge uit eie ervaring, waarneming en ondervinding. Promosa-gebied is bekend vir sy verskeie denominasies en daarom begin die ontbrekende rol van die vader eerste invloed uitoefen in die kerk.

Die vrouens of moeders is oor die algemeen lidmate van 'n kerk. Die bediening wat die navorser as voorbeeld kan gebruik is die "Ubuntu International Family Centre".

By die Promosa Primêre Skool, waar die navorser eers onderwys gegee het, was die oorgrote meerderheid personeel vroulik. Verskillende projekleiers, leierfigure, verskillende rade, verenigings, groepe, bestuurslui en vele meer in die gemeenskap van Promosa, bestaan grootliks uit vrouens en moeders.

'n Beplande steekproef is aanvanklik onder 12 vroue van Promosa gemaak, waarvan vier intussen vertrek het. Hulle is genader en kon openlik oor die probleem praat. Hulle begeerte was almal om Bybelse berading te ontvang.

Die navorser het belangstelling in die onderwerp van die ontbrekende vader as persoon ervaar en meegeleef en is eintlik deur Bybelse berading gehelp, daarom die poging om deur hierdie studie 'n bydrae te lewer. Die bedoeling van die navorser is dus om aan te toon dat die huidige tendens in Promosa 'n snit verteenwoordig van die totale Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot die afwesige vader.

## 1.3 NAVORSINGSVRAAG

As gevolg van die leemte van 'n vader in enige gesinsverband word die volgende navorsingsvraag in hierdie studie aan die orde gestel.

*OP WATTER WYSE KAN DIE ROL VAN DIE AFWESIGE VADER DEUR BYBELSE BERADING HANTEER EN VERANDER WORD?*

DIE INDIVIDUELE NAVORSINGSVRAE WAT IN DIE OPLOSSING HIERVAN ONDERSOEK WORD IS:

- Watter basisteoretiese perspektiewe bied die Skrif met betrekking tot die vader in die gesin?
- Watter metateoretiese perspektiewe bied die Psigologie, Sosiologie en Maatskaplike Werk met betrekking tot die ontbrekende vader?
- Watter praktykteoretiese riglyne kan neergelê word vir die strewe na 'n effektiewe teenwoordige rol van die vader binne die raamwerk van die gesin?

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.4.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om na te vors of die vader soms in die Suid-Afrikaanse konteks ontbreek en hoe dit deur Bybelse berading hanteer en verander kan word.

### 1.4.2 Doelwitte

**Die spesifieke doelwitte vir die studie is:**

- om basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die vader binne die huisgesin en ook op ander vlakke na te vors en te formuleer;
- deur metateoretiese perspektiewe na te vors om vas te stel tot watter mate vaders hulle rolle en roeping uitleef;
- om praktykteoretiese riglyne te bied vir die vader binne die gesin, die gemeenskap en die breë samelewing vir die herstel van die vader se rol.

## 1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

**Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is:**

Die rol van die ontbrekende vader kan weer deur, onder andere, Bybelse berading verander word.

## 1.6 METODE VAN ONDERSOEK

### 1.6.1 Literatuurontleding

Bronne en teorieë ten opsigte van die ontbrekende rol van die vader sal nagevors word. Spesifieke aandag sal ook gegee word aan vroue en

moeders wat die probleem ervaar en watter riglyne gegee kan word om die bepaalde en funksionele rol terug te bring.

In die vorming van *basisteorieë* sal hoofsaaklik eksegeties te werk gegaan word deur sekere Skrifgedeeltes te ondersoek, naamlik in die Ou Testament: *Genesis 1:-27, 2:24, Eksodus 20:12, 21:15, Psalm 89:26, Spreuke 1:8-9, Maleagi 4:6;*.en in die Nuwe Testament: *Matteus 5:16, 7:9-11, Lukas 11:9-13, Efesiërs 5:25, 5:31-33, 6:1-4, Kolossense 3:20-21, 1 Timotheus 3:4.*

Tersaaklike literatuur sal bestudeer word volgens die grammaties-historiese metode. (Vgl. Lion-Cachet, 1987:1-92, Coetzee & Floor, 1990:15-32.)

Op metateoretiese gebied sal toepaslike inligting vanuit die *Psigologiese, Sosiologiese* en *Maatskaplike Werk* verkry word.

### 1.6.2 Empiriese ondersoek

#### *1.6.2.1 Vraelyste*

'n Vraelys sal saamgestel word om die probleem (ontbrekende vader) te bepaal.

Daar sal ook gebruik gemaak word van onderhoude. Vrae sal die volgende aspekte dek: die aard van die probleem, die impak en gevolge op denominasies asook die gemeenskap.

#### *1.6.2.2 Fases van ondersoek*

'n Steekproef van 'n groep vroue (Promosa) uit verskillende sosio-ekonomiese woonstrata waaronder plakkerskampe, swart woonbuurte, hoër middelklas, ensovoorts sal gedoen word.

### 1.6.3 Ineenskakeling van teorieë

Die basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe sal in hermeneutiese wisselwerking geplaas word om 'n praktykteoretiese perspektief te vorm (vgl. Zerfass, 1974:164-177; Heystek, 2000:24).

## 1.7 HOOFSTUKINDELING

**Hoofstuk 1:** Inleiding.

**Hoofstuk 2:** Basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die rol van die vader in die gesin.

**Hoofstuk 3:** Metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die ontbrekende vader in die gesin.

**Hoofstuk 4:** Praktykteoretiese perspektiewe of riglyne vir die vader binne die gesin en die gemeenskap.

**Hoofstuk 5:** Bevindings:

- Gevolgtrekking.
- Slot.
- Ander terreine vir verdere studie.

## 1.8 SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE AAN TE TOON

| PROBLEEMSTELLING | DOELWITTE | METODE |
|---|---|---|
| Watter basisteoretiese perspektiewe bied die Skrif met betrekking tot die vader in die huis-gesin? | Om basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die vader binne die huisgesin en ook op ander vlakke na te vors en te formuleer. | Die metode van eksegese.<br><br>Woordontleding volgens analise. |
| Watter metateoretiese perspektiewe bied die Psigologie, Sosiologie en Maatskaplike Werk met betrekking tot die ontbrekende vader? | Deur metateoretiese perspektiewe na te vors om vas te stel watter mate vaders hulle rolle en roeping uitleef. | Toepaslike inligting sal vanuit die Psigo-logiese, Sosiologiese en Maatskaplike Werk verkry word. (Grenswetenskappe) |
| Watter praktykteoretiese riglyne kan neergelê word vir die effektiewe teenwoordige rol van die vader binne die raam-werk van die gesin? | Om praktykteoretiese riglyne te bied vir die vader binne die gesin, die gemeenskap en die breë samelewing vir die herstel van die vader se rol. | Empiriese studie deur middel van individuele vraelyste en onderhoude.<br><br>Gebruikmaking van gestruktueerde vraagsoorte. |

# HOOFSTUK 2
# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE GESIN

## 2.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om basisteoretiese perspektiewe te formuleer oor die essensiële rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks.

In die hoofstuk sal spesifiek aandag gegee word hoe die Skrif die beeld van God as Vader voorhou. Verder word basisteoretiese perspektiewe van die man as vader ondersoek.

### 2.1.1 Wat is basisteorie?

Met hierdie studie word aansluiting gevind by die model van Zerfass (1974:164-177). (Vgl. ook Heyns & Pieterse, 1998:36.) *Basisteorie* beteken dat teoretiese vertrekpunte hoofsaaklik vanuit die Skrif verkry word (Venter, 1993:247). Met basisteorie word ook bedoel die ontginning van teologiese vertrekpunte vanuit die Skrif (Reinecke, 2001:14). (Vgl. ook Heystek, 2000:24.)

### 2.1.2 Die Skrif se plek in die formulering van 'n basisteorie

Die Skrif behoort volgens Janse van Rensburg (1995:630) die sentrum en fundering te wees en riglyne vir lewensprobleme te bied. Die menslike lewe moet volgens August (2000:6) na God se doel gelei word sodat hulle in staat

sal wees om die lewe ten volle en in harmonie met God te geniet. God het verder sy Woord gegee om mense te help om sekere situasies te hanteer:

*Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek...(2 Tim. 3: 16).*

Volgens Floor (1990:3) is die Skrif die boek waarin God Hom openbaar, waarin Hy spreek en daarom is die Skrif die Woord van God (Joh. 1:1). Niemand mag iets by die Woord van God voeg of wegneem nie (Op. 22:18-19).

Die navorser neem as voorveronderstelling dat die Bybel die organies-geïnspireerde Skrifopenbaring van God is.

### 2.1.3 Doelstelling

Hierdie studie is gebaseer op Bybelse vertrekpunte om die beoordeling van die rol van die vaderfiguur in die Skrif te ondersoek.

In hoofstuk 2 sal van die volgende onderwerpe behandel word:

- God as Vader – metafoor in die Ou Testament.
- God as Vader – metafoor in die Nuwe Testament.
- Jesus Christus se verwysing na God as sy Vader.
- Menslike vaderskap in die Ou Testament.
- Menslike vaderskap in die Nuwe Testament.
- Voorlopige gevolgtrekking.
- Slot.

In hierdie hoofstuk sal telkens gebruik maak word van die Bybel as hoofbron en ander relevante verwysings om die essensiële vaderrol aan te dui in oënskou met God as Vader binne die gesin.

## 2.2 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP GOD AS VADER – METAFOOR IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT

### 2.2.1 In die Ou Testament

Volgens Jeremia 32:27 is God die Vader van alle mense, wat aandui dat God 'n tipe van 'n vaderbeeld aan alle mense voorstel (vgl. Num. 16:22).

In Psalm 68:6 word God beskryf as Vader vir die vaderlose wie geen vader het nie en 'n Verdediger van die weduwee's. God help diegene wat na Hom vra (BIP, 1993).

O'Brien (1996:249) verklaar dat God nie feministies kan wees nie, anders is Hy nie Vader van almal nie (vgl. ook Mal. 2:14-15, Jer. 2:2 en Eseg. 16:60).

Die Vaderskap van God is die oorspronklike beeld van aardse vaderskap. Die oorsprong van menslike vaderskap word uit die Vaderskap van God gebore (Steensma, 1995:183).

God is die Vader van sy skepping en sy volk en daarom word sy Vaderskap aangetoon sodat die menslike ouerskap daaruit kan ontstaan en voorspruit (Steensma, 1995:184; vgl. ook Deut. 32:6, 15, 18).

Volgens Venter (1991:1095) wil God die mens op 'n punt bring waar die mens God se wil moet beoefen en God wil ook die man by 'n punt bring waar hy as vader sy rol en funksie moet vervul en uitleef soos wat God dit wil hê.

God is selfs 'n Vader vir hulle wat geen familie het nie (vgl. LAB, 1991). God as Vader het passie vir hulle wat Hom vrees, net soos 'n vader passie vir sy kinders het (Ps. 103:13).

Die mens is 'n breekbare wese, daarom is God die Vader se besorgdheid oor die mens vir ewig (Mal. 3:17). God onthou die mens se toestand wanneer Hy die mens ondersoek (LAB, 1991).

Hierdie aspek impliseer verder dat God 'n vaderhart het wat help, daarom help en ondersteun Hy sy kinders (BIP, 1993) (vgl. ook Ps. 68:5). Forster (1993:5) bevestig ook haar stelling dat God die Vader van almal is en dat Hy inderdaad 'n versorger vir elke mens is wat na Hom soek.

Feenstra (1972:56) beskryf God as die oorspronklike Vader, want uit Hom is alle geslagte. Hy is die Ewige Vader van die Here Jesus Christus. Feenstra gaan verder en verduidelik dat God nie net die Vader van die skepping is nie, maar ook die Vader van die gelowiges en die Vader van ouds (vgl. ook Jes. 63:16). Die volk Israel het God geïdentifiseer as hulle Vader en hulle was God se eersgeborene genoem (Ps. 89:27; vgl. ook Kidner, 1975:323).

God stel die beeld van menslike vaderskap, reeds op 'n baie vroeë stadium in Genesis 2:24 voor waar die man sy ouers sal verlaat en sy vrou sal aankleef om weer sy rol van vaderskap te vervul. Die rede waarom die man van sy ouers afskeid neem, is om 'n groter rol as vader in sy gesin te vervul en sy prominensie in die samelewing te laat geskied (Hre Kio, 1991:215; vgl. ook Gen. 2:24).

Bergh (2002:50) beskryf die man as die patriarg van 'n patriargale familie. Hre Kio (1991:214-215) verduidelik dat wanneer die man van sy ouerhuis wegbeweeg en sy vrou aankleef, word hy as die vader met outoriteit gekenmerk (vgl. ook Gen. 29:1-30, Eks. 2:21-22 en Rigt. 9, 15). Die kinders wat uit hierdie huwelik gebore word, word na die vader vernoem sodat die vader se naam voort kan leef.

Volgens Jesaja 63:6 is God die Vader van ouds en daarom ag Hy vaderskap as van kardinale belang (vgl. ook Sheikh & Scheider, 1993:86).

God stel die vraag dat Hy ons Vader is (Mal. 1:6), waar is dan sy eer? Daar is nie eer en respek nie. God verwag dat eer en respek aan Hom as Vader

betoon word (O'Brien, 1996:241). Die volk het selfs geen eerbied en respek getoon aan hulle aardse vaders nie en hulle sal klaarblyklik die Vaderskap van God verwerp (O'Brien, 1996:250; vgl. ook Mal. 2:10-11).

Die gevolgtrekking is dat die nodige respek en eerbied eers aan die aardse vaders betoon en bewys word in die opvoedingsproses, dan sal die Vaderskap van God met eer en respek benader word.

### 2.2.2 In die Nuwe Testament

Volgens Johannes 1:1 en 14 word die konsep van 'n "ver" God (Ou Testament) met die koms van Christus (Nuwe Testament) as God en Vader vernietig. Jesus noem God sy Vader en die Vader van almal (Joh. 8:19; vgl. ook Joh. 10:29-30).

Gelowiges word die kinders van God en Jesus Christus is hulle oudste broer (Heb. 2:11-13, Heb. 8; vgl. ook Rom. 9). Volgens Johannes 8:41 sê Jesus dat God die Enigste Vader is wat ons almal het en ons is sy ware kinders (vgl. Bergh, 2002:121). Ware kinders van God die Vader is nie soos die skrifgeleerdes wat afstammelinge van Abraham was nie.

Abraham was wel die vader van Israel, maar Jesus beklemtoon dat iemand se optrede belangrik is, en nie net sy afstamming nie (BIP, 1993).

Paulus sê volgens Efesiërs 3:15 dat alle geslagte hulle oorsprong in God het, alhoewel God se Vaderskap met die aardse vaderskap onvergelykbaar is (Steensma, 1995:184). Die menslike vaderskap is die afbeelding van die ewige vaderskap in God (Steensma, 1995:185).

Die Skrif verduidelik verder die belangrikheid van vaderskap en stel 'n vergelyking voor dat God die Vader is van Jesus Christus (Joh. 8:19-20, 10:29-30, 36) en Jesus die Hoof is van die kerk, so is die man of vader die hoof van die gesin (Ef. 1:22, 23). Paulus gebruik hierdie metafoor ook in

Romeine 12:4, 5, 1 Korinthiërs.12:12-27 en Kolossense 3:15. (Vgl. ook Anon, 1998:96.)

Volgens Mattheus 7:7-11 bring Jesus die eienskappe van God die Vader in konteks met wat die aardse vaders eintlik moet doen. Hy sê dat God is die Vader en 'n Gewer van goeie gawes en daarom moet die aardse vaders ook weet om goeie dinge aan hulle kinders te gee as hulle vra (vgl. ook Luk. 11:9-13).

Die goeie gawes wat God as Vader gee, bedoel dat "goeie" of "goed" word na God as Vader van Christus en God van die gelowiges genoem (vgl. Ps. 100, Rom. 2:4, 11:22, Gal. 5:22 en Ef. 5:9).

Van der Walt (1988:96-97) verduidelik dat God in Jesus sy Vaderskap geproklameer het, so wanneer Jesus spreek is dit eintlik God wat self tot ons spreek (vgl. ook Joh. 14:6, Matt. 11:27 en Heb. 1:1). Volgens Matteus 5:16 sê Jesus dat ons lewenswyse goed moet wees en ons lig so moet skyn dat God die Vader wat in die hemel is verheerlik kan word. God is die Vader van die ligte en daarom kan ons nie ons lig wegsteek nie (vgl. ook LAB, 1991:1652 en France, 1985:112-113).

Die Bybel openbaar vier primêre verhoudingsbande van God as Vader. Hy is die Vader van die skepping, van die nasies, van die Here Jesus Christus en van al die gelowiges (vgl. Joh. 1:12, Ef. 3:16, Matt. 6:9, Rom. 8:15 en Hand. 17:24-28).

Die Bybel gebruik ook die titel "Vader" as een van die primêre name wat Christene kan gebruik om met God te assosieer en te identifiseer (Family Life, 1998:10). As Christene dit doen, identifiseer hulle hulleself as kinders wat aan die familie van God behoort.

In 1 Thessalonisense 2:11-12 beklemtoon Paulus die fundamentele belangrikheid van vaderskap. Hy verwys na die mense wat hom en sy medegelowiges baie goed behandel het in die volgende uitdrukking: "behandel

hulle soos wat 'n vader sy eie kinders sal behandel" (vgl. Gal. 4:19-20, 1 Kor. 4:14-21, 2 Kor. 6:11-13).

God word verder as Enigste Vader in die hemel bestempel toe Jesus die skare beveel om niemand op aarde vader te noem nie behalwe vir God (Matt. 23:9). Hierdie hele Skrifgedeelte in konteks word eintlik teen die leraars, Fariseërs en die skrifgeleerdes bedoel (Ryan, 1993:1-2).

Jesus verduidelik in Lukas 11:9-13 dat sy volgelinge die naam *Abba* moet gebruik, wat 'n intieme term vir God beteken soos wat Hyself vir God die Vader aanspreek. Die betekenis van *Abba* word verder as *pappas, papa* en *po-l* – wat beteken om te beskerm en om aandag te gee (Pfafflin, 1993:63).

#### *2.2.2.1 Jesus Christus se verwysing na God as sy Vader*

In die volgende Skrifgedeeltes verwys Jesus deurgaans na God as Vader:

- Matteus 6:9: Onse Vader wat in die hemel is.
- Markus 14:36: Hy is Abba Vader (Joh. 2:16).
- Die huis van my Vader is 'n plek van gebed.
- Johannes 14:2: In my Vader se huis is daar baie wonings.
- Filippense 2:11: Verduidelik dat almal openlik verkondig dat Jesus Christus Here is na die verheerliking van God die Vader.
- In 1 Petrus 1:3 word verduidelik dat God die Vader van die Here Jesus Christus is en Hom uit die dood opgewek het.
- In 2 Petrus 1:17 word eer en verheerliking van God die Vader aan sy Seun Jesus Christus gegee in wie Hy 'n groot behae het.
- 2 Johannes 3 en 4 spreek van God die Vader en Jesus Christus wat genade, barmhartigheid en liefde gee.

- Judas 1 praat van die roeping van God die Vader en Sy beskerming.

- In Openbaring 1:6 word verduidelik dat God die Vader het ons 'n koninkryk van priesters gemaak het om Jesus en God te dien.

- In Lukas 24:49 belowe Jesus dat Hy die Heilige Gees vir Sy dissipels sal agterlaat.

- Markus 14:36 gebruik Jesus die benaming "Abba" as 'n intieme naam vir God (Ryan, 1993:1).

- In Romeine 8:15 verduidelik Paulus dat die Gees van God maak dit vir ons almal moontlik gemaak om ook die naam "Abba" vir God te gebruik (Ryan, 1993:1).

- In Johannes 18:11 sê vertel Jesus aan Petrus dat Hy die beker moet drink wat sy Vader Hom gegee het.

## 2.3 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE VAN MENSLIKE VADERSKAP IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT

### 2.3.1 In die Ou Testament

Volgens Gross (1999:69) het God reeds met die skepping die mens Adam as vader geskape met al die nodige kwaliteite om as vader te funksioneer (vgl. ook Gen. 1:27 en Num. 5:3). Tosato (1990:390-391) verduidelik dat God Adam as vader en Eva as moeder geskape het en God reeds onderskei watter rolle Adam en Eva moes vervul (vgl. ook Gen. 2:24).

Tosato (1990:392) verduidelik volgens Genesis 2:24 dat die man sy ouers sal verlaat en sy vrou aankleef wat impliseer dat die man sy vader en moeder verlaat om sy verantwoordelikhede en pligte as vader binne sy eie gesin na te

kom. Die man verlaat sy vader en moeder en nie die vrou haar ouers nie (Lawton, 1986:97-98; vgl. ook Gen. 2:24).

Die vrou neem die status van die man oor waar die moeder die vader se rol en posisie aanvul en sy amp van vaderskap verteenwoordig (Vogels, 1996:205-206; vgl. ook Gen. 3:16b).

Mack (1991:3-5) verduidelik dat die vader die verantwoordelike figuur in die gesin is om berading, dissipline en emosionele nabyheid te bring. Hy wys verder daarop dat dit alles net kan geskied in die vrese van God (vgl. ook Spr. 27:17).

Die moraal van die vader word ook volgens Webster (1998:65) aan die Bybelse beginsels gekoppel van hoe 'n vader die gesin moet begelei (Spr. 1:9).

Volgens Douglas *et al* (1962:415-416) toon en verleen 'n vader spesiale guns aan sy jongste seun soos in die geval van Jakob en Josef. Die vader word as leier en onderwyser van die gesin aangesien om wysheid aan sy seun oor te dra en die seun moet op sy beurt weer met al sy kragte strewe om hierdie wysheid te bekom (Fox, 1997:619) (vgl. ook Spr. 2:1-2).

Sanchez (1995:242-243) sê verder dat die vader die kind uit die Woord van God moet leer sover as wat die kind in sy daaglikse lewe uitleef (vgl. ook Deut. 6:4-9).

Vir God was die vader nog altyd belangrik, daarom word in Eksodus 21:15 beveel om nie jou vader sowel as jou moeder leed aan te doen nie. Israel verwys selfs na God as Vader en selfs die Vader van elke individu wat Hom eerbiedig soos in die geval van Dawid (Ps. 38:22-23).

Bergh (2002:60-61) verwys na die vader as die patriarg in die patriargale gesinsvorm. Hierdie gesinsvorm was kenmerkend by die aartsvaders. Die sentrale gesagsfiguur is die oudste manlike lid van die gesin, naamlik die

vader. Hy tree op as regeerder, priester, opvoeder en bestuurder van sy familie (vgl. ook Skolnick & Skolnick, 1992:24).

Volgens Kidner (1975:323) het God die vader in die amp van ouerskap aangestel. In Spreuke 22:6 word vermeld dat vaderskap onder meer vra om aan die jongmense leiding te gee, hulle op te voed en te dissiplineer. Dit is dan duidelik dat die rol van vaderskap vra om beskikbaar te wees sodat die opvoeding, die vrae en lewenswyshede gekommunikeer en gedeel kan word (Bergh, 2002:117).

Vir die vader in die patriargale gesin is wyse kinders 'n trots maar dwase kinders bring 'n grief vir hulle moeders (Spr. 10:1). Daarom is die onderwysing en waarskuwing baie belangrik vanaf die vaderhart na die kind (vgl. Mack, 1991:37-39 en Ps. 128).

Hre Kio wys (1991:214) na 'n ander geval in die patriargale gesin na die "plek" van die vader wat as die vernaamste terrein beskou was waaruit sy dogter moet trou. In hierdie situasie was dit belangrik dat beide partye se vaders seënwense oor die paartjie moet uitspreek (vgl. ook Gen. 2:24).

Die rede waarom God groot waarde heg aan vaderskap was die gebruik in die Ou Testament waar vaders genoodsaak was om hul seuns te seën (Gen. 27:34-38).

Volgens White (1994:2) het vaders hulle vrees vir God bewys deur die bereidwilligheid om hul seuns te offer, terwyl die seuns op hulle beurt reageer deur die vader se wil te erken (vgl. ook Gen. 22:12).

Die vader wat sy seun gebruik om die guns van God die Vader te verkry, was inderdaad deur God die Vader begunstig en die seun wat nie sy vader se wil bevraagteken nie en wat sy lewe in die hande van sy vader plaas, domineer die Christengewete (White, 1994:3; vgl. Gen. 22:16-17).

In Maleagi 1:6 word verduidelik dat die seun sy vader moet eer en met respek behandel volgens die Skrif se riglyne van eer en respek. O'Brien (1996:242)

voeg verder by dat vaders aanbeveel word om hulle seuns te leer en te onderrig in geloofserfenis en verpligting. Dieselfde vader-seun-verhouding word in die verhouding tussen God en Israel beskryf waar na Israel as die seun van God verwys word (vgl. Deut. 14:1).

Die vader kan ook volgens O'Brien (1996:242) kies om sy seun te haat, terwyl die seun nie toegelaat word om sy vader te haat nie (vgl. ook Mal. 1:2-3). Maar God sê in Maleagi 1:17 dat Hy sy seun sal spaar soos 'n man sy seun sal spaar wanneer die seun hom dien.

Dit is duidelik in hierdie Skrifgedeeltes dat seuns hulle vaders se wraak wegdraai wanneer hulle hul rol deeglik beoefen om hulle vaders te dien (O'Brien, 1996:243). Dis hier waar God verwag dat die aardse vader met die nodige respek en eerbied behandel moet word (O'Brien, 1996:243; vgl. ook Mal. 4:6).

Dit was ook die plig van vaders in die Bybelse tyd om by die jong kinders betrokke te wees waar hulle hierdie kinders sorg en goed behandel. Sy verdere rol was om opvoeding aan sy seun te voorsien en morele en sosiale rigting te bied (Forster, 1993:2).

Hierdie gesindheid het dikwels verlore geraak en vaders het hulle begin ontrek as dit by kindersorg kom (Forster, 1993:2; vgl. ook Eseg. 2:7, 20, 2 Kon. 10:1, 5, Jes. 49:23, 60:4, Num. 11:12, Klaagl. 4:5).

Forster meld verder dat vaders verplig was om hulle betrokkenheid te bewys en toon die volgende aspekte as eienskappe van so 'n vader:

- omgee,
- beskerming,
- voorsiening,
- speel,

- sosialisering,
- aktiwiteite wanneer babas gebore word.

Hierdie betrokkenheid van die vader, veral by die baba was omvangryk, want so het hy sy rol as vader uitgeleef (Forster, 1993:5).

Dit blyk dus dat hierdie vaders uit Bybelse tyd hulle rol en verpligting uitgeleef het. God die Vader het dit so gesien en geseën. Die vader was grotendeels deel by die verskillende aktiwiteite en sorg van die kind. Hierdie goeie Bybelse manier van vaderskap het grotendeels verval en uitgesterf. Een van die mikpunte van die studie is om hierdie faset van vaderskap weer na vore te bring.

### 2.3.2 In die Nuwe Testament

Paulus verduidelik, omdat Christus die Hoof van die liggaam is, plaas God sy seël op die man om sy rol van vaderskap in te neem (Bergh, 2002:120; vgl. 1 Tess. 2:11-12). Paulus beklemtoon die essensie van vaderskap met die opneem van verantwoordelikheid, morele gedrag en teregwysing as dit by die vader se nageslag kom (Wanamaker, 1995:5).

Die vader is die hoof van die gesin soos wat Christus die Hoof van die kerk is (Ef. 5:31-33). Volgens Olivier (1997:19) beklee die vader in die patriargale gesin 'n skarnierposisie tussen die gesin en die lewe daarbuite.

In 1 Korinthiërs 4:15 word daarna verwys hoe die vader sy kinders lei en onderrig. Daarom staan agter elke vader die universele Vaderskap van God om die verhouding in die gesin te orden (Douglas *et al*, 1962:416).

Pfafflin (1993:63) sê onder andere dat die woord *"vader"* die gedagte van sorg insluit met betekenis soos *pappas, papas, po-i-*. Hierdie terme beteken :

- om te wag;

- om te beskerm;
- om aandag te gee;
- om beskerming te bied.

Hierdie betekenisse van *vader* kan nie van mekaar losgemaak word nie.

Die verlore seun van wie in Lukas 15:18 vertel word, is van voorneme om na sy vader se huis terug te gaan, want daar is die beskikbaarheid van voedsel, huisvesting en beskerming. Hierdie gedeelte impliseer dat vaders beskerming, huisvesting en veiligheid gee.

White (1994:1) verduidelik verder dat die terugkeer van 'n verlore seun die hart van 'n vader bly maak, want die kind is terug om by sy vader te bly (vgl. ook Luk. 15:11-32). In die tyd van Jesus het mense verwag dat seuns by die huis bly tot na die vader se dood en as hulle dan volwasse genoeg was, kon hulle die huis verlaat (White, 1994:1-2).

Volgens Olivier (1997:19-20) is die vader se grootste rol die versorging en voorsiening van sy gesin. As die vader dit nie kan doen nie, het hy die geloof verlaat en is slegter as 'n ongelowige (1Tim. 5:8).

Die vader en die moeder is die bron van die gesin, nie net in die biologiese betekenis daarvan nie, maar om interaksies met die kinders daar te stel sodat hierdie strukture van die samelewing gevorm en versterk word (Van Aarde, 1999:97). 'n Voorbeeld van so 'n struktuur is waar die moeder onderdanig was aan die vader soos wat sy aan die Here is (Pilch, 1993:105) (vgl. ook Ef. 5:22).

Capps (2000:114-115) veronderstel dat seuns 'n *vader-honger* ervaar en ontwikkel. Hierdie seuns het hulle moeders, maar die behoefte en begeerte na 'n vader sal altyd daar wees. Die vader se goeie optrede veroorsaak 'n sterk band van liefde tussen sy seun en homself. As die seun se liefde vir die vader op aarde groot waarde het, sal sy liefde vir God as Vader ook vir hom belangrik wees (vgl. 1 Tess. 11-12, 1 Kor. 4:14-16, Fil. 2:22 en Filem. :10).

Van Aarde (1999:97) noem Jesus Christus as voorbeeld in wat onder die stigma van 'n *"vaderlose"* seun gely het. Tog het Jesus Christus as mens in God die Vader vertrou en hierdie stigma ontgroei. Van Aarde (1999:97) verduidelik verder dat Josef, Jesus Christus as seun aangeneem het, want in 'n manlike dominante patriargale wêreld skep vaderloosheid groot probleme.

Volgens Van Aarde (1999:98) was Jesus Christus vaderloos en sonder identiteit soos gesien uit die oogpunt van die mens en sy sosio-kulturele aspekte. Verder was die beeld van Jesus Christus as 'n vaderlose timmerman, ongetroude seun van Maria ontken van die status om 'n kind van God genoem te word. Hy was selfs aangesien as die onwettige geslag in die konteks van *"vaderloosheid"* (Van Aarde, 1999:112).

In teenstelling hiermee word Jesus Christus volgens die Bybel as die Seun van God voorgestel wat gebore is deur die Gees om God se Vaderskap bekend te maak en te demonstreer (vgl. Joh. 8:54, 58, 14:6-14, 1 Joh.5:1-12). Dit is ook die siening van die navorser.

Een van die indringende, sosiale probleme van ons tyd is die feit dat miljoene kinders groot word sonder 'n vader en ly onder die stigma van "vaderloosheid". Van Aarde (1999:99) sê egter dat vaderskap weer omvorm word sodat die toekoms vir die kind weer herstel kan word. Phafflin (1993:64) verklaar verder dat mans in 'n anachronistiese konsep van vaderskap verskuif word wat eintlik bedoel dat vaders uit die tyd van vaderskap verplaas word.

Hierdie vaders op aarde moet die eienskappe van God die Vader vertoon, wat *goeie dinge* vir sy kinders doen. En so moet die vader op aarde weet om *goeie dinge* vir sy huisgesin te doen (Phafflin, 1993:76).

Paulus het, onder andere, 'n vaderrol verteenwoordig waar hy die ontdekte vader van 'n aantal gemeenskappe was en so gemeentes gestig en nie net goeie dade en dinge voorgeskryf het nie, maar ook gelewe het (Burke, 2000:60).

Die vader se rol in die gesin is nie net om God te verteenwoordig nie, maar hy moet ook die een wees *(vader)* wat verseker dat God aanbid en gehoorsaam word. Die mens moet aan so 'n gesin behoort om God se seëninge te geniet en te waardeer (Van Aarde, 1999:100-101).

Die vader van hierdie gesin se status was godsdienstig ingeseën. Hier ontmoet die mens en godsdiens by die mees intieme vlak wat bekend staan as die gesin (Van Aarde, 1999:101-102).

God soek, volgens Van Leeuwen (1999:1166-1167), 'n versorgende en versekerde vader om vir sy eie gesin te kan sorg en om dit te gee wat in die huisgesin en selfs by die werksplek ontbreek. Hierdie vader moet bewys dat hy manlik genoeg is, om te voldoen aan die sorgende eienskap van die vader en selfs sy seun help om eendag as 'n goeie vader op te tree (Van Leeuwen, 1999:1166-1167).

As daar nie 'n manlike figuur in die huisgesin is nie, en die vrou vertolk die rol van 'n vaderfiguur, bly die soeke nog steeds na 'n vader (Barker, 2000:195).

Vaderafwesigheid veroorsaak geweldige gevolge soos, onder andere, homoseksuele gedrag onder kinders. Die onbetrokke vader ervaar primêr vrees vir mislukking en ervaar sekondêr 'n lae vaardigheid as dit kom by sy onbevoegheid op die gebied van besorgheid (Johnson, 1993:303-305).

Inscoe (1991:98-100) beklemtoon die belangrikheid van die vader deur advies aan sy kinders te gee met betrekking tot troue, herdenkings, oorloë en ander fasette.

Die vader se rol strek verder as dit kom by die dissipline wat hy moet uitoefen en afdwing op die seun om ten einde die seun goed op te voed (Pilch, 1993:103; vgl. ook Spr. 13:24, 22:15, 23:13-14, 29:15, 19, Matt. 21:28-32).

Om gehoorsaam aan jou vader te wees, maak die gesin sterk en betroubaar, want as die uitdagings van die lewe kom, is die gesin sterk en standvastig (Pilch, 1993:104).

Pilch (1993:106) meen verder dat nie eens die dood van 'n gerespekteerde seun 'n vader kan hartseer maak as hy weet dat hy sy rol as vader suksesvol aan die seun oorgedra het en ook gehoorsaamheid by die seun gekweek het nie. Tog word die vraag gestel of die dood van die seun nie juis by die vader hartseer veroorsaak al sien hy nie meer die seun nie.

In God se koninkryk was Jesus bemagtig om die volk te onderhou en te ondersteun sodat die volk hulle geloof in God die Vader kan plaas (Van Aarde, 1999:104). Daarom het Jesus Christus in Markus 11:17 verklaar dat die mense sy Vader se plek (tempel) 'n rowerspelonk maak. Jesus Christus sê verder in Lukas 18:19 dat niemand goed is nie behalwe God en geen mens betroubaar is nie behalwe God (Pilch, 1993:103). Christus was 'n kind van Abraham genoem en word so 'n kind van God, daarom het Jesus op die kruis uitgeroep na God terwille van die mens (Matt. 27:46).

Tydens die tyd toe Jesus Christus God sy Vader genoem het, blyk dit dat sy volgelinge uit gehoorsaamheid en onderdanigheid God as hemelse Vader erken het (Van Aarde, 1999:113). Van Aarde meen verder dat Jesus Christus as vader ook op 'n "moederlike" manier opgetree het, waar Hy by die laaste paasmaaltyd die laaste plek by die tafel ingeneem het om andere te bedien, hulle verkeerdhede met passie te vergewe en selfs hulle wonde genees het (Van Aarde, 1999:113).

Daar word in Efesiërs 6:1-2 aanbeveel dat kinders hulle vader en moeder moet eerbiedig en gehoorsaam sodat God as Hemelse Vader verheerlik kan word (vgl. Mack, 1991:203-204).

Bergh (2002:81-86) praat van die verskillende geslagsrolle en rolverwagtinge van die vader en die moeder. Hy verduidelik verder dat die vader meer betrokke moet wees by kinders, nie net instrumenteel nie, maar affektief. Hier moet die vader se liefde vir die kind onvoorwaardelik wees en die kind in alle fasette van sy lewe ondersteun (White, 1994:1)

Jesus Christus is 'n goeie voorbeeld wat sy lewe in die hande van sy Vader geplaas het en nie sy Vader se wil bevraagteken het nie. So moet die rol van die aardse vader in die huisgesin wees waar die gesin hulle vertroue en selfs hulle lewe sal plaas in die hande van die vader wat sy krag en sterkte van die hemelse Vader ontvang (White, 1994:3; vgl. Joh. 18:11).

Forster (1993:5) is van mening dat alle mans wat nie 'n intieme band met hulle aardse vaders gehad het nie, gewoonlik hulle kwade gevoelens teenoor hulle vaders na God projekteer en so 'n gesindheid hulle geestelike groei verhinder.

Na aanleiding van Lukas 11:13 word aardse vaders vermaan om nie hulle kinders te mislei as dit daarby kom om goeie dinge vir hulle kinders te gee nie. God as Vader gee sy goeie gawes vir almal wat daarna vra. God as Vader gee ook geestelike seëninge aan sy kinders. Jesus Christus sê dat diegene wat met vertroue en sekerheid vra, vir hulle kan dit 'n werklikheid word, want die vis, slang, eier en skerpioen wat Matteus 7:7-11 genoem word, is net simbolies van aard wat sekerheid aandui as 'n mens God nader op die drie wyses van vra, soek en klop.

Volgens Matteus 7:7-11 word God as Vader se vrygewigheid aan die aardse vaders bewys. Jesus Christus meld dat God as Vader sy volk beter behandel as wat hulle mekaar behandel. Die terme: vra, soek en klop is eintlik 'n versoek waar die mens God met 'n verwagtende houding moet nader. God as ons Hemelse Vader sal reageer met *"goeie gawes".* So verwag Jesus dat die aardse vader ook reageer wanneer sy kinders na goeie gawes vra (Blomberg, 1992:18 ).

## 2.4 VOORLOPIGE SAMEVATTING: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE GESIN

Die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die rol van die vader in die gesin kan met die volgende stellings saamgevat word:

- God as Vader impliseer 'n verhoudingsband waarbinne die vader en die gesin sentreer.
- Die Vaderskap van God is die oorspronklike beeld van aardse vaderskap.
- God se Vaderskap word in Jesus geproklameer sodat die aarde vader daarmee bereik kan word.
- Die naam *Abba* is 'n intieme term wat God beteken en die mens kan dieselfde naam gebruik wanneer hy tot God nader.
- Die man moet as vaderfiguur fungeer soos wat God die verantwoordelikheid op hom van die skepping af geplaas het.
- God wil die man op 'n punt bring om sy rol en funksie as vader te vervul en uit te leef.
- Daarom verlaat die man sy ouers om sy rol as vader in te neem.
- Die menslike vaderskap is die afbeelding van die ewige Vaderskap in God.
- Goeie gawes verwys na God die Vader.
- Die Skrif bied relevante en duidelike beginsels vir die vader in die gesin.
- Soos wat God die Vader is van Jesus Christus, vorm Jesus die raamwerk as Hoof van die kerk.

- Reg deur die Ou Testament word God as Vader-metafoor voorgestel, juis omdat Hy die Vader is van alle vlees.
- In die Nuwe Testament verklaar Jesus duidelik dat God die enigste Vader is van almal.
- God die Vader is 'n Gewer van goeie gawes en so moet die aardse vaders ook weet om goeie dinge aan hulle kinders te gee.
- Die Skrif impliseer die titel "Vader" as 'n primêre naam wat Christene kan gebruik om met God te identifiseer en te assosieer.
- Die kind se geloof in God die Vader kan en sal sy vertroue in sy aardse vader versterk.
- God het die vader as hoof van die gesin aangestel.
- Vaderskap vra om leiding te gee, te dissiplineer en om beskikbaar te wees.
- Eerbied en gehoorsaamheid aan God lei tot eerbied en lojaliteit aan die aardse vader.
- Die vader se funksie as gesagsfiguur verteenwoordig gesagsidentiteit en 'n Godvrugtige lewensingesteldheid in die kind se lewe.
- Die Ou-Testamentiese verduideliking van God as Vader bring vervulling in aardse vaderskap.
- Die Nuwe-Testamentiese uiteensetting van God as Vader deur Jesus Christus bring geloofverantwoordelikheid by die aardse vader.

## 2.5 SLOT

In hierdie hoofstuk is basisteoretiese perspektiewe neergelê oor die rol van die vader as gesagsfiguur, geroep deur God as Vader om sy roeping binne

die raamwerk van die gesin uit te leef. In die volgende hoofstuk word metateoretiese perspektiewe nagevors om vas te stel watter mate vaders hulle rol en roeping behoort uit te leef.

# HOOFSTUK 3
# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE ONTBREKENDE VADER IN DIE GESIN

## 3.1 INLEIDING

Metateorie is 'n teorie wat raakvlakke met ander vakke deel. Die benaming "metateorie" dui aan dat teorieë vanuit verskillende wetenskaplike vertrekpunte hanteer word, soos die Psigologie, Sosiologie en Maatskaplike Werk. Hierdie vakke bestudeer aspekte en beginsels van dieselfde aard (Venter, 1993:247). Die drie wetenskappe word in hierdie studie gebruik om lig te werp op die rol van die ontbrekende vader.

Volgens Heystek (1998:56) sal die ontwerp van 'n praktykteorie onvolledig wees as metateoretiese insigte nie geïntegreer word nie.

### 3.1.1 Doelstelling

In hierdie hoofstuk sal perspektiewe met betrekking tot die ontbrekende vader geïdentifiseer word vanuit die beoordeling van die Psigologie, Sosiologie en die Maatskaplike Werk. Die metateorie (hoofstuk 3) word saam met die basisteorie (hoofstuk 2) aangewend om 'n praktykteorie (hoofstuk 4) op te stel (Minnie, 2003:89).

In hoofstuk 3 sal van die volgende onderwerpe behandel word :

- Perspektiewe vanuit die Sosiologie.
- Die term *Sosiologie*.
- Perspektiewe vanuit die Psigologie.

- Die term *Psigologie.*
- Perspektiewe vanuit die Maatskaplike Werk.
- Die term *Maatskaplike Werk.*
- Voorlopige samevatting van hoofstuk 3 (die drie dissiplines).
- Slot.

## 3.2 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE SOSIOLOGIE

### 3.2.1 Die term *Sosiologie*

Volgens Giddens (1997:2-3) is Sosiologie die studie van menslike sosiale lewe, groepe en samelewings. Die gedrag van mense as sosiale wesens word bestudeer. Giddens sê verder dat 'n mens moet leer om sosiologies te dink, wat beteken om jou denke te orden of te rig.

In die Sosiologie word daarop gewys dat een van die vader se essensiële take is om sosiale ondersteuning in die gesin te verskaf (Pierce *et al.*, 1996:43-45).

Sosiologie is ook verder die studie van die samelewing wat verwys na die sistematiese, funksionele, organiese ontwikkeling en tipes van menslike samelewings (Jary & Jary, 1991:471).

### 3.2.2 Sosiologiese perspektiewe

Op die huwelik volg normaalweg die huisgesin, waar die man vader sal wees en die vrou moeder (Collins, 1995:44). Die huwelik en die gesin word volgens Van Staden (1996:28) ten nouste op mekaar betrek deur die wesenlike betrokkenheid en teenwoordigheid van die vader.

Dit blyk dus dat die vader van kardinale belang in die gesin is en waarvoor sy teenwoordigheid bevrediging bied en sy rol vullend is.

- **Vaderskap**

Vaderskap behoort by die ontstaan van 'n huwelik wat sosiaal erkenbaar is tussen 'n man en 'n vrou (Skolnick & Skolnick, 1992:24), waarvan vaders 'n gesagsposisie in die gesin het en hulle teenwoordigheid 'n intieme band tussen hulle kinders en hulself bring. Lupton en Barclay (1997:14-15) meen dat vaderidentifikasie kan net ontwikkel en groei wanneer daar erkenning daaraan gegee word. In dieselfde konsep beskryf Lupton en Barclay (1997:14-15) verder dat vaders "gemaak" en nie "gebore" word nie.

Die erkenning aan vaderskap is dus van groot waarde, want daardeur word die vader se rol, gesag en sy vaderidentifikasie na vore gebring.

Leslie en Korman (1989:231-232) beskryf dat die vader impak in die gesin het, veral wanneer seuns vernoem word na die vader se familie eerder as die moeder s'n. Hierdie seuns volg ook in baie gevalle die beroepe van hulle vaders. Sharpe (1994:122-123) wys ook op 'n ander belangrike faset, naamlik dat die vader en dogter 'n baie intieme korrelasie het en daar is 'n ope band van kommunikasie tussen vader en dogter. Verder word daarop gewys dat die vader betrokke moet wees met die kind se voornemens en waardes, want hierdeur word 'n goeie vader-kind-verhouding opgebou (Sharpe, 1994:124).

Vaders behoort betrokke by die help van hul kinders se huiswerk en ander aktiwiteite betrokke te wees, maar Moore *et al.* (1996:12-16) wys dat sekere vaders nie betrokke wil wees nie en die verskoning gee dat hulle ruimte nodig het. Zulu (2002:26) meen dat om 'n goeie vader te wees, is verantwoordelikheid en toewyding 'n vereiste. Hy sê verder dat 'n goeie vader sal kook, sorg vir sy kinders en sal goeie waardes in hulle lewens toevoeg (Zulu, 2002:26).

- **Samevatting**

Dit is duidelik dat die betrokkenheid van die vader 'n impak in die gesin het, veral in die lewens van hulle kinders as hulle beroepe moet volg. Verder speel die teenwoordigheid van die vader 'n essensiële rol veral as dit kom by die aktiwiteite van die kinders.

- **Die afwesige vader by swart Amerikaners**

Swart Amerikaanse families ondervind dikwels die tendens dat hulle vaders vanselfsprekend afwesig van hulle families is en daardeur word "ander vaders" die familie se uitkoms. Hierdie "ander vaders" het die gesindheid van 'n teenwoordige vader met die nodige kwaliteite en eienskappe (Staples, 1999:190-191). Hierdie "ander vaders" word eintlik volgens Staples (1999:197) deur die grootouers gesoek om in die behoefte van hulle kleinkinders te voorsien.

Gesinne ondergaan deurentyd veranderings of die situasie bly konstant wanneer die rolle van die vader en die moeder wissel of verander word. As die vader die primêre broodwinner bly met die moeder as die primêre versorger van die kind, kan beide die vervullingsrol in die gesin speel. As hierdie patroon nie beoefen word nie, is die totale situasie onsosiaal.

- **Samevatting**

Swart Amerikaanse gesinne ervaar dikwels die afwesigheid van hulle vaders. Alhoewel "ander vaders" die oplossing vir baie vaderlose gesinne is, ontstaan tog die begeerte en verlange na die biologiese vader. Baie kinders wil graag weet wie hulle eie vader was of is.

Die verskillende rolle wat die vader en moeder in die gesin vul, is belangrik en *beide* ouers moet ooreenkom oor die gesag en rol van elkeen sodat die situasie in die gesin nie verwarring bring nie.

- **Enkelouergesinne**

Olivier (1997:19-22) meen dat die vader, moeder en die kind hulleself bevind in 'n besondere verhouding wat gekenmerk word deur liefde en intimiteit. Die vader kan nie losgemaak word van die ander twee rolle nie. Olivier (1997:19) wys verder aan dat die uiteindelike losmaking net geskied in die geval van sterfte, egskeiding, verlating, buite-egtelike geboorte, tydelike afwesigheid vir 'n geruime tyd of "afwesigheid" (onbetrokkenheid) van die teenwoordige ouer. Sy toon ook verder aan dat hierdie gevalle lei tot enkelouergesinne.

- **Samevatting**

Die liefde en intimiteit kan alleenlik in die gesin voorkom as die driehoekige verhouding van vader, moeder en die kind(ers) onlosmaaklik van mekaar is. Die rol van die vader kan dus nie van die gesin losgemaak word nie. As hierdie raamwerk behou en beoefen word, kan die tendens van enkelouer-gesinne verminder.

- **Die voltydse rol van die vader**

Depressiewe gedrag kan wel in die gesin voorkom sonder die sterkere rol van die vaderfiguur (Venter & Scholtz, 1996:8-18). Daarom moet die moreel-religieuse beginsels deur die vader toegepas word (Venter & Scholtz, 1996:16). Marsiglio (1995:41-43) beklemtoon, onder andere, dat die vader voltyds betrokke moet wees in die kind se lewe om die sosiale sy van die kind aan te help. Hy meld verder dat die vader gesien moet word as 'n ampsbekleder by die verandering van die sosiale rol en nie net by die ontwikkeling van 'n individu nie (Marsiglio, 1995:41). Marsiglio (1995:57) is ook verder van mening dat kinders 'n groter risiko loop wanneer die vader afwesig is.

Hierdie kinders se welstand word om twee redes in gevaar gestel:

- Eerstens trek kinders voordeel uit die liefde, ontferming en ook die ekonomiese ondersteuning wat 'n vader voorsien.

- Tweedens is die betrokkenheid van die vader belangrik vir die kind se ontwikkeling (Marsiglio, 1995:57).

- **Samevatting**

Die gedragsprobleme in die gesin kan alleenlik uitgeskakel word deur die vader se rol te versterk en indien hy die toonaangewende figuur is om die morele waardes, Christelike beginsels en norme toe te pas. Verder blyk dit dat sy voltydse betrokkenheid die kind in sy sosiale lewe kan help, want daardeur verminder die risiko dat die kinders se welstand in gevaar sal wees.

- **Die voorsieningsrol van die vader**

Cherlin (1998:64-71) is van mening dat die vader gesien moet word in die hoedanigheid van die goeie voorsiener in die gesin op grond van die teksverwysing in Psalm 23 waar God as die Goeie Voorsiener geïndentifiseer word.

Ten spyte daarvan dat die vrou op verskeie wyses ook haar rol van voorsiening teweeg bring, is die vader die uiteindelike voorsiener in die sosiale lewe van die gesin (Cherlin, 1998:67). Die vader se gesindheid moet dus beskryf word as 'n intieme gesindheid (Sharpe, 1994:122-123).

- **Samevatting**

Dit blyk dus dat die vader as die hoofvoorsiener in die gesin gesien word en die moeder as hulpvoorsiener sodat die sosiale rol in die gesin vervul word.

- **Die vader se rol as versorger**

Volgens Steward (1999:895) word die sosiale kontak by die gesin gemeet in terme van drie dimensies, naamlik:

- kommunikasie deur telefoonoproepe,
* kommunikasie deur telefoonoproepe en briewe,
* persoonlike besoeke en uitgebreide besoeke,

Die vader moet 'n sosialiseringsrol met die kind beoefen sodat die potensiële stimulus by die vader ook ontwikkel. Verder moet die vader by die moeder leer as dit kom by kindersorgvaardighede en houdings sodat hy dit as 'n basis kan gebruik om 'n effektiewe versorger te wees (Marsiglio, 1995:46-47).

Die vader se sosiale rol word verder tydens die moeder se swangerskap bepaal en wanneer sy op die punt is om geboorte te gee. Dan word die vader genoodsaak om sy ondersteuning en fisiese bystand gee (Feeney *et al.*, 2001:210-212). Kaila-Behm *et al.* (2000:200) voeg verder by dat om 'n vader in beginsel te wees, moet hy reeds betrokke by die swangerskap van die vrou wees en by die hantering van die kind. Met die opgroei van die kind word dit verder die taak van die vader om 'n effektiewe voorbeeld vir die kind in die sosiale lewe te stel (Morgan, 1996:52-54).

- **Samevatting**

Die vader se sosialiseringsrol kom dus daarop neer dat hy 'n effektiewe versorger moet wees. Verder blyk dit dat die vader genoodsaak is om sy fisiese ondersteuning en hulp te gee veral by die geboorte van die kind sodat die sosiale aspek in die gesin versterk word, veral met die opgroei van die kind.

- **Die betrokkenheid van die vader**

Die betrokkenheid van die vader is nie net van toepassing by die geboorte nie. Moore *et al.* (1996:53-55) voeg verder by dat die betrokke vader 'n bydrae moet lewer in die sosiale rol van die kind veral tussen die vriendekring en die res van die samelewing.

- **Samevatting**

Hierdie aspek impliseer dus om 'n vader te wees en om vaderskap na vore te bring is algehele betrokkenheid vanaf die geboorte tot met die opgegroeide kind van groot belang. Sy betrokkenheid speel verder 'n groot rol wanneer dit kom by die kind se vriendekring en ook die res van die samelewing.

- **Is alle mans vaders van hulle kinders?**

Volgens Nock (1998:250-251) se siening kan alle mans nie vaders wees nie. Hy voer die rede aan dat baie mans nie bereid is om met die moeders van hulle kinders te trou nie.

Nock sê verder dat daar eintlik drie basiese benaderings tot hierdie stelling is

- Die een benadering beskryf jong, ongetroude mans as *"rowers"* opsoek na seksuele bevrediging sonder enige behoefte om te trou.

- Die tweede benadering is die teenkanting van die werkgewersmark teen trou.

- Die derde benadering voer verskeie redes aan waarom getrou behoort te word, maar na die geboorte van die kind is mans nie meer gretig om te trou nie.

Trou word verder deur Nock (1998:252) bestempel as 'n vorm van *"sosiale kapitaal"* wat daarop neerkom dat die vader hom moet berus om in die toegang van ander mense veral sy hulp, ondersteuning en kennis te voorsien.

- **Samevatting**

Mans wil graag hulle vaderskap toon, maar vrees die verpligtinge wat daarmee gepaard gaan. Die ongetroude vader bly ongetroud en weerhou wetlike onderhoudsverpligtinge.

## 3.3 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE PSIGOLOGIE

### 3.3.1 Die term Psigologie

Psigologie is die wetenskap wat menslike gedrag en belewenis bestudeer met die klem op die individu en met behulp van veral objektiewe metodes. Die term beteken letterlik *wetenskap van die psige* en is 'n oorblyfsel uit die spekulatiewe sielkunde waarin die psige as die draer van alle bewuste

belewenis en gedrag beskou is. Sielkunde bestudeer verder alle vorms van waarneembare en onwaarneembare gedrag (Plug *et* al., 1997:335).

Volgens Labuschagne en Eksteen (1993:678) verwys Psigologie na die studie van menslike verstand (gees) en die werking daarvan. Hierdie Sielkunde is deel van die Wysbegeerte wat met die aard en eienskappe van die menslike siel te doen het waarby kennis en insig van toepassing is.

Jary en Jary (1991:397) beskryf Psigologie as die wetenskaplike studie van gedrag. Dit is verder die studie van menslike gedrag wat met verstandelike gebeure deur gedrag gepaard gaan, insluitend introspeksie.

### 3.3.2 Psigologiese perspektiewe

- **Die vader se opvoedingsrol by die huis**

Ferreira (1994:61-62) verklaar dat 'n goeie morale karakter nie in die skool vir kinders geleer word nie, maar by die huis waar die ouers die verantwoordelikheid neem met die vader as die gesagsfiguur. Die vader moet dissipline en gesag op die kind uitoefen om sodoende waardes by die gesin tuis te bring.

Ferreira (1994:68) meen verder dat die betrokkenheid van beide vader en moeder verreweg die beste en sterkste faktor is om 'n gesonde verhouding tussen die ouers en adolessente te bewerkstellig, en nie soos in die geval waar net 'n enkelouergesin voorkom nie.

'n Psigologiese afstand kan tussen vaders en dogters ontwikkel veral wanneer hierdie dogters sonder die teenwoordigheid van 'n vader opgroei terwyl Sharpe (1994:125) aanvoer dat hoe meer aandag aan die emosionele aspekte gegee word, blyk die moontlikheid dat die afstand kan krimp.

- **Samevatting**

Dit is dus noodsaaklik dat kinders psigologies reg hanteer moet word en emosionele bystand van die vader en die moeder kry om enige verwydering en afstand van watter aard ook al, te elimineer.

- **Die vader se rol by die ontwikkeling van die kind**

Die rol van die vader is verder belangrik in die ontwikkeling van die kind se lewe waar die vader betrokke moet wees by die kind se puberteitstadium sodat die band en die liggaamsaanraking, waardeur vader en kind betrokke is, kan groei (Smit & Smith, 1995:78). Die vader moet hom dus bevind in dieselfde versorging en vertroeteling van die baba net soos die moeder dit doen.

Die aanraking, liefkoos en soen is vir die vader van kardinale belang (Smit & Smith, 1995:79). Stafford en Bayer (1993:45) is dit eens dat kinders die toekoms van die samelewing is deurdat volwasse karakter van beide vader en moeder betrokke by die kinders is. Dit het ook 'n invloed op die latere dissipline van die kind.

Met die teenwoordigheid van die vader word die selfbeeld, selfkonsep, selfpersepsie en ander fasette by die kind ontwikkel en vasgelê (Stafford & Bayer, 1993:40-42).

- **Samevatting**

In hierdie verband blyk dit dat die vader gesien word as die voorsiener van 'n model van manlike gedrag wat kindergeslag ontwikkel en identiteit fasiliteer. Die gevolgtrekking sal dan wees dat die vader die kind geleenthede bied vir identifikasie en bemoediging vir ondersoekende gedrag, maar dan moet die vader reeds op 'n vroeë stadium inskakeling en aanraking met die kind beoefen (Smit & Smith, 1995:79).

Dit blyk dus dat kinders die reproduksie van 'n teenwoordige vader word wat al die nodige kwaliteite met betrekking totdie psigologiese ontwikkeling soos selfpersepsie, selfbeeld en selfkonsep by die kind bevorder.

- **Die moeder se stryd met die afwesigheid van die vader**

As die vader nie teenwoordig is nie, projekteer die moeder haar emosies van 'n afwesige vader in terme van 'n driehoek waarby kommunikasie tussen twee lede van die gesin deur interaksies met 'n derde persoon plaasvind (Lowe, 2000:32). Die moeder gebruik dus die seun om kommunikasie tussen haar en die vader te bewerkstellig. Wanneer die vader afwesig is deur dood of die gesin verlaat, kom die seun se rol sterk na vore en dus ervaar die moeder in baie gevalle verwarring in haar emosies as gevolg van 'n afwesige vader (Lowe, 2000:32).

- **Samevatting**

Dit wil dus voorkom dat die afwesigheid van die vader nie net implikasies vir die kinders laat nie, maar ook vir die moeder omrede die moeder verwarring in haar emosies beleef.

- **Geskeide vaders**

Volgens Stone (2001:460-461) ondervind sekere geskeide vaders geweldig stres en pyn. Hierdie vaders loop die risiko om langtermyn probleme te ondervind. Hulle ontwikkel skuldgevoel wat hulle sku maak vir die samelewing (Stone, 2001:461). Die pyn en stres wat die vader ondervind, blyk uit die losmaking van sy gesin.

- **Die vader as menslike kapitaal**

Die gedrag, vaardighede en kennis wat die vader na die kind moet oordra, word deur Coley (2001:747) verwys as *"menslike kapitaal"* waardeur die kind op sy beurt sukses in die samelewing kan behaal. Die omstandighede van sommige vaders word volgens Coley (2001:743) aan drie aspekte gekenmerk, naamlik:

- lae inkomste,
- ongetroud en
- minderjarigheid.

Die getroude vader is meer betrokke by ouerskap as die ongetroude vader. Soms word die vrouens se rol minder effektief wanneer hulle meer ure werk en 'n groot gedeelte van die gesin se inkomste voorsien (Coley, 2001:747). Coley (2001:747) voer verder aan dat die vader 'n sterker toewyding tot vaderskap moet toon en sy rol moet integraal wees en ten volle betrokke by sy gesin. Hy verduidelik dat die vader se teenwoordigheid 'n groot invloed uitoefen in die ontwikkeling en welstand van die kind. Dit kan verder lei tot latere geestelike volwassenheid van die kind. Deur die vader se teenwoordigheid ontwikkel die kind se vaardigheid en sy kognitiewe gedrag, waarby skoolfunksionering beter 'n korrelasie vertoon (Coley, 2001:749).

- **Samevatting**

Dit wil ook voorkom of die vader se losmaking van die gesin 'n geweldige skuldgevoel by hom plaas en daarom die sku gevoel wat hy in die samelewing ervaar. Dit is dus noodsaaklik dat effektiewe betrokkenheid van die vader 'n groot rol in die gesin speel, want daardeur word die vader se beeld na vore gebring. In die gesin word die kind se welstand, kognitiewe gedrag en ontwikkeling deur die vader se onvoorwaardelike toewyding bevorder.

- **Die moeder se bydrae tot die rol van die vader**

Caspi *et al.* (2001:915) beweer dat die moeder betroubare inligting rondom die kind se vader moet weergee om sodoende die vader se rol meer effektief te maak. Die studies van Jaffee *et al.* (2001:803-804) bewys egter dat jong vaders (21 jaar en jonger) dikwels afwesige vaders is. Hierdie vaders word beskou as seksueel onbeheersd wat in hulle verantwoordelikheid tot die kinders faal. Dis die rede waarom die moeder in sommige gevalle betroubare inligting rondom die vader weerhou. Hierdie vaders is eintlik adolessente

van 19 jaar of selfs jonger waarby studies toon dat net 50% van hierdie vaders by die kinders betrokke is of somtyds net tot na die kind se geboorte (Jaffee *et al.*, 2001:803-804). Jaffee *et al.* (2001:804) beveel aan dat vaders intens betrokke moet wees in die lewe van die opgroeiende kinders.

- **Samevatting**

Dit is duidelik dat jong, ongetroude vaders nie ervare genoeg is om sy vaderlike plig te doen nie. Vaderskap kan alleenlik effektief wees deur intense betrokkenheid en teenwoordigheid van die vader sodat die kind se kognitiewe en sosiale bevoegheid kan groei.

- **Betrokkenheid bewerkstellig psigologiese bevoordeling**

Vaderbetrokkenheid het 'n positiewe effek by die nageslag as dit kom by die resultaat en daarom word vaders aangemoedig om by hulle gesin in te woon, want daardeur sal die kind psigologies bevoordeel word (Jaffee *et al.*, 2001:804). Hulle voeg verder by dat die afwesigheid van die vader groot probleme veroorsaak wat tot emosionele skade kan lei (Jaffee *et al.*, 2001:805).

- **Samevatting**

Dit blyk dus dat vaderbetrokkenheid algehele teenwoordigheid van die vader vereis. Hierdeur word die vader gemotiveer om saam met die gesin te woon. Die vader se betrokkenheid kan wees dat hy wel help met reëlings, organisasie en selfs toestemming verleen by sekere aspekte van die gesin, maar hy bly nogtans emosioneel afwesig.

- **Die rol van die vader en die moeder**

Volgens Updegraff *et al.* (2001:655) behoort *beide* vader en moeder betrokke te wees by die kind se sosiale lewe. Die terrein waar die ouers 'n kritiese rol kan speel is veral op die sosiale vlak. Hierdie ouers waarvan die vader die toonaangewende rol speel, moet by die kind interaksies aanmoedig om met ander jeudiges te sosialiseer. Op hierdie manier voorsien *beide* ouers geleenthede vir hulle seuns en dogters om sosiaal kognitief te groei, en om

verhoudings en vaardighede te ontwikkel (Updegraff *et al.*, 2001:655). Deurdat vaderbetrokkenheid direk tot die adolessent verbind word, bevorder dit goeie verhoudinge tussen ouer en kind (Updegraff *et al.*, 2001:655).

- **Samevatting**

Die kind se sosiale lewe word inderdaad bevorder deurdat *beide* vader en moeder 'n kritiese rol by die kind speel. Die interaksies wat die vader moet stimuleer, verbeter ook die ander aspekte soos om verhoudings te bou, vaardighede aan te leer en ontwikkeling van die kognitiewe gedrag.

- **Die vader se tweeledige rol by seuns en dogters**

Volgens Williams *et al.* (1999:329) speel vaders 'n meer dinamiese rol by seuns as in die geval van dogters. Seuns word geleer om instrumenteel bevoeg te wees en hulle omgewing te ontwikkel, terwyl dogters deur die moeder geleer word om liefderyk, sensitief en ondersteunend te wees.

Vaders word verder deur Williams *et al.* (1999:329) beskryf as liefderyk en sensitief deurdat hulle emosioneel betrokke raak by hul dogters se verwagtinge en so 'n wederkerige rol speel waar hy ook die rol van die moeder vul wanneer dogters persoonlike sake opper (Williams *et al.*, 1999:329). Williams *et al* voeg verder by dat vaders meer aanklank vind by dogters terwyl moeders meer aandag aan seuns bestee.

- **Samevatting**

Dit blyk dus dat die rol van die vader tweevoudig moet wees, veral waar seuns geleer word om meer prakties te wees en in die geval waar dogters met persoonlike en emosionele sake die aandag van die vader benodig. Dit is verder noodsaaklik dat die *beide* vader en moeder meer aandag aan die kinders moet bestee en aanwesig moet wees wanneer die kinders na antwoorde soek sodat die kinders nie met persoonlike probleme na vriende of ander familielede moet gaan nie. Die vader moet vir die kind 'n betroubare ouer wees sodat die kind in alle gevalle op *beide* ouers sal vertrou.

- **Die vader se rol kry meer betekenis in die gesin**

Die rol van die vader word verder deur Yogman *et* al. (1996:699) in die kognitiewe of gedragsresultaat van hulle onvolwasse kind soos volg beskryf:

- Die vader moet fisies teenwoordig en betrokke wees in die huis.
- Daar moet 'n dieper en betekenisvolle verhouding tussen die vader en die kinders wees.

- **Samevatting**

Dit is dus van kardinale belang dat die vader se rol dieper en betekenisvol wees sodat die verhouding tussen vader en kind groei en hy met karaktervorming help.

- **Vyf aspekte om liefde te kommunikeer**

Volgens Chapman en Campbell (1997:7) is daar *vyf* aspekte waardeur liefde aan kinders gekommunikeer kan word. Hierdie aspekte kan deur die vader en moeder gebruik word om te verseker dat die kind hulle liefde ervaar.

Hierdie taalliefdes sluit die volgende in :

***Fisiese aanraking***

Die kinders benodig *beide* ouers se aanraking omdat fisiese aanraking een van die sterkste aspekte van liefde is wat aandag verg (Chapman & Campbell, 1997:33).

***Woorde van versekering***

Woorde is kragtig en gee positiewe leiding veral woorde soos liefde, geneëndheid en aanmoediging. Hierdie woorde kan 'n kind se selfbeeld opbou.

Voorbeelde :

* *"Ek het jou lief."*

* *"Jy is 'n goeie seun/dogter."*
* *"Goeie vang" (krieket).*
* *"Dit is baie goed."*
* *"Jy verdien dit."*
  (Chapman & Campbell, 1997:45-52).

Kinders het baiekeer behoefte aan hierdie woorde van hulle vader, want daardeur voel hulle selfbeeld versterk.

***Kwaliteitstydsbesteding***

Kinders het meer behoefte aan hulle ouers se tyd as die geskenke en geld wat hulle ontvang. Kwaliteitstydsbesteding fokus op die vader as hy onverdeelde aandag aan sy kinders gee.

Kwaliteitstydsbesteding is eintlik die geskenk van *beide* ouers se teenwoordigheid aan die kind. Hierdie geskenk laat die kind belangrik voel, want hulle behoort aan hom. Hierdie kwaliteitstydsbesteding sluit die volgende aspekte in:

- *Saamwees,*
- *tyd met elke kind,*
- *positiewe oogkontak,*
- *gedagtes en emosies word met mekaar gedeel,*
- *kwaliteitsgesprekke,*
- *gesels en storietyd*
  (Chapman & Campbell, 1997:59-65).

### *Geskenke*

Volgens Chapman en Campbell (1997:73) beteken die woord *geskenk* "genade". Hierdie woord kom van die Griekse woord *"charis"* wat *"onverdiende"* beteken.

By hierdie aspek moet die ouers, veral die vader baie versigtig optree. 'n Kind wat nie ware liefde voel nie, kan maklik geskenke verkeerd interpreteer. Die kind sal waarskynlik dink dat die geskenk op voorwaarde gegee word. Die vader moet die beste daarvan maak wanneer hy geskenke aan sy kinders gee. Geskenke gee het niks te doen met die grootte of die hoeveelheid geld wat die geskenk gekos het nie. Wanneer *beide* ouers geskenke gee, het dit alles te doen met liefde (Chapman & Campbell, 1997:74).

Die vader moet nie geskenke as omkoopsartikels gebruik wanneer hy dikwels van die huis af weg is nie. Die kinders benodig sy tyd, aandag en betrokkenheid. Dit is hierdie "geskenk" wat die meeste saak maak (Chapman & Campbell, 1997:75).

### *Die doen van diens*

Chapman en Campbell (1997:84-86) noem dat die kind benodig *beide* vader en moeder om vir hulle 'n gebalanseerde voorbeeld te wees. Hierdie ouers se sekondêre plig is om hulle kinders te dien, maar nie altyd hulle sin te gee nie. Die hoofdoel sal wees om te doen wat die beste vir die kind is.

Die diens wat die vader en moeder aan hulle kinders gee, moet op 'n toepaslike wyse gedoen word. Ouderdom is 'n belangrike aspek as 'n mens sou kyk na die baba, kleuter en die tiener. Hulle moet gedien word op verskillende wyses, afhangend van hul ouderdom (Chapman & Campbell, 1997:85-86).

Die eindelike doel van diens van die ouer aan die kind is volgens Chapman en Campbell (1997:89-90) om die kind te help om as volwassene op te groei sodat hy/sy liefde aan andere sal gee deur diens te lewer.

- **Samevatting**

Volgens Chapman en Campbell (1997:7) is daar *vyf* aspekte waardeur liefde aan kinders gekommunikeer kan word, naamlik deur fisiese aanraking, woorde van versekering, kwaliteitstydsbesteding, geskenke en die lewering van diens aan die kind. Hierdie aspekte kan deur die vader en moeder gebruik word om te verseker dat die kind hulle liefde ervaar.

## 3.4 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE MAATSKAPLIKE WERK

### 3.4.1 Die term *Maatskaplike Werk*

Maatskaplike Werk is die toepaslike wetenskap om mense te help om 'n effektiewe vlak van psigo-sosiale funksionering en effektiewe veranderinge in die samelewing te bereik wat tot die welstand van alle mense lei (Barker, 1995:357).

Maatskaplike Werk is verder die professionele aktiwiteit om individue, groepe of gemeenskappe te help om hulle kapasiteit vir maatskaplike funksionering en skepping van maatskaplike toestande te herstel.

Maatskaplike Werk bevat die volgende waardes, beginsels en tegnieke:

- om mense te help om hulle doelwitte te bereik;
- om berading en psigo-terapie aan individue, families en groepe te voorsien;
- om gemeenskappe of groepe te help deur maatskaplike dienste te voorsien en gesondheidsdienste te verbeter.

Die beoefening van Maatskaplike Werk vereis kennis van menslike gedrag en ontwikkeling (Barker, 1995:357).

Volgens Labuschagne en Eksteen (1993:478-479) is Maatskaplike Werk eie aan die sosiale werk wat hulpverlening en leiding aan gesinne wat met ekonomiese, geestelike en ander vraagstukke te kampe het.

Maatskaplike Werk help verder individue, gesinne, gemeenskappe en groepe wat sosiaal benadeel is. Hierdie sosiale werk dra by tot die skepping van toestande wat sosiale funksionering vergroot en afbreking voorkom. Hierdie werk help persone om sosiaal aan te pas met hulle vermoëns, norme en waardes in die samelewing (Gray & Fork, 2002:495).

### 3.4.2 Maatskaplike perspektiewe

Britz-Scheepers (1994:244-245) wys daarop dat kinderverwaarlosing grootliks voorkom as daar nie beide vader *en* moeder teenwoordig is nie. Dis ook die rede waarom maatskaplike werk en hulpverlening toegepas word by die rekonstruksie van die gesin. Die effektiewe betrokkenheid en teenwoordigheid van die vader kan kinderverwaarlosing beperk deurdat die vader baie meer moet omgee en optree.

- **Die rol van vaderskap by verskillende rasse**

Die verskil tussen blank, swart en gekleurd bestaan wel, maar ouerskap verg dieselfde beginsel van 'n teenwoordige vader (Rautenbach & Kellerman, 1990:228).

Hulle verduidelik verder dat die emosionele band by die moeder baie sterker is as by die vader in die geval van swartes, maar by die ander rasse het bykans 58% van die Afrikaanssprekendes aangedui dat hulle wel geheg aan die vader is (Rautenbach & Kellerman, 1990:234).

Tizard en Phoenix (1993:25-38) gaan ook van die veronderstelling uit dat die ouerlike rol van die vader dieselfde bly, of die ras van die vader wit, swart of gekleurd is. Die vader bly die verantwoordelike persoon met al die kwaliteite

wat nodig is om die gesin gesond en wellewend te hou (Tizard & Phoenix, 1993:26-28).

- **Samevatting**

Dit blyk dus dat vaderskap dieselfde beginsel vereis ongeag die ras van die persoon. Die vader moet in alle gevalle sy ondersteuning, versorging en teenwoordigheid in die gesin bied. Verder word die vader as die verantwoordelike persoon vir die oorlewing van sy gesin gesien.

- **Stiefouers se betrokkenheid**

White en Gilbreth (2001:157) meen dat die stiefpa se betrokkenheid by die kind nie so suksesvol is soos in die geval waar die biologiese vader betrokke is nie. Hulle wys daarop dat kinders 'n risiko loop wanneer daar twee vaders op die toneel teenwoordig is, en dit beïnvloed die sosiale verhouding van die kind (White & Gilbreth, 2001:156-157).

Berger (1998:231) bevestig en beklemtoon die feit dat stieffamilies die toekoms gaan wees as gevolg van die afwesigheid van die vaderfiguur. Sy verduidelik verder dat stieffamilies vermenigvuldig en ontwikkel so drasties dat meer as 'n derde van die kinders, veral in Amerika, sal leef onder die invloed van stieffamilies en die res van die wêreld sal die dieselfde patroon volg (Berger, 1998:231).

- **Samevatting**

Dit blyk dat die biologiese vader se betrokkenheid meer in aanmerking geneem word as die betrokkenheid van die stiefpa. Hierdie teenwoordigheid van die vader moet versigtig hanteer word sodat die kind nie verwarring tussen twee vaders beleef nie. Alhoewel die patroon van stieffamilies oor die wêreld toeneem, moet die biologiese vader se teenwoordigheid en betrokkenheid tot sy gesin nie weerhou word nie.

- **Die ondersteuning van die nie-inwonende vader**

Volgens Amato, P.R. *et al.* (1999:557) lewer die nie-inwonende vader alles met betrekking tot die waarde van die gesin, maar ontbreek as dit by die finansiële ondersteuning van die kinders kom.

Hulle is ook van mening dat die nie-inwonende vader nie net 'n bydrae tot die kind se standaard van lewe lewer nie, maar ook by die kind se gesondheid, opvoedkundige vaardigheid en selfs die algemene welstand van die kind (Amato, P.R. *et al.*, 1999:558).

Die nie-inwonende moeder is meer betrokke in die kind se lewe as in die geval van die nie-inwonende vader (Steward, 1999:895). Hierdie nie-inwonende moeder voorsien sterker sosiale bande by die kind ( Steward, 1999:895).

- **Samevatting**

Die welstand van die kind speel 'n groter rol in die gesin waarby die vader 'n aanwins tot die kind is. Die vader se besorgdheid strek verder as net sy teenwoordigheid. Hy moet aktief betrokke wees as dit kom by die gesondheid van die kind, want dit is juis hierdie aspek wat geweldige finansiële implikasies inhou.

- **Die vader se betrokkenheid by die kind tot sy adolessensiestadium**

Volgens Walker en McGraw (2000:563) benodig die kind die vader se betrokkenheid regdeur sy kindskap en sy adolessensiestadium. Hierdie betrokkenheid sluit die fisiese, emosionele, psigologiese en sosiale welstand van die vader in. Alhoewel vrouens oor die algemeen hulle rol as moeder aanvaar, is dit soms in baie gevalle by die vader nie die geval nie.

Franck (2001:383) verduidelik dat daar eers by die vader onderhandel moet word om sy rol as vader te erken of daar moet in vennootskap gegaan word dat hy die aanvanklike vader is en dat hy ook nie in konflik met die ma verkeer nie.

- **Die belangrikheid van die biologiese vader**

Walker en Mcgraw (2000:563) is van mening dat kinders se behoeftes alleenlik bevredig word deur die wesenlike betrokkenheid van die vader. Hulle gaan ook van die veronderstelling uit dat slegs die biologiese vader verkieslik by die versorging van die gesin van kardinale belang is as die stiefpa, fiktiewe ouer, "gay"- en die surrogaatvader. Walker en McGraw (2000:564) stel voor dat niebiologiese en "gay"-vaders 'n empiriese en programmatiese fokus verdien.

Verder word vermeld dat vaderbetrokkenheid stewiger is as die moeder s'n na vergelyking van die eienskappe van die vader. Hulle voeg verder by dat die moeder geneig is om die vader se betrokkenheid te beheer (Walker & McGraw, 2000:564). Hulle benader ook die feit dat die belangrikste aktiwiteit wat vaders kan doen ten opsigte van hulle kinders se welstand, is om hulle finansieel te ondersteun.

Vaders wat in die ekonomiese sy van die gesin voorsien, verbeter die kind se gehalte van ontwikkeling. Hulle sê verder dat vaderbetrokkenheid merkwaardige assosiëring met die kind se uitkoms lewer (Walker & McGraw, 2000:565).

- **Samevatting**

Dit blyk dat vaders se betrokkenheid relevant vir die gesin is, want daardeur verseker hy sy teenwoordigheid by die gesin. Die biologiese vader is verkiesliker as die "ander" vaders, want sy betrokkenheid is belangriker en hy assosieer beter met die kind.

- **Die rol van die vader moet openlik erken word**

Lehr en MacMillan (2001:373-374) bewys dat die vader kontak met die kind verloor as gevolg van 'n gebrekkige ondersteuning deur die moeder wat die vader se rol betref. Hulle verduidelik verder dat vaders wat slegs as besoekers optree, geen impak het op die kinders nie (Lehr & MacMillan, 2001:374).

Lehr en McMillan (2001:377) verduidelik verder dat vaders ook behoeftes het en hulle is besorg om hul vaderlike rol te vervul. Sy rol as vader moet openlik deur die gesin erken word en sy kinders moet hom aansien as 'n goeie vader. Hierdie rol van die vader moet ernstig opgeneem word met die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan (Lehr & MacMillan, 2001:377).

- **Samevatting**

Dit is dus noodsaaklik dat die vader se rol ernstig opgeneem moet word sodat die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan deur die gesin erken word. As die vader se betrokkenheid van kardinale belang by die kind is, hoef hy nie as 'n besoeker op te tree nie.

- **Die situasie by swart Amerikaanse vaders**

Volgens Staples (1999:195) het 'n groot persentasie van swart Amerikaanse vaders in tronke beland vir die een of ander misdryf en dit het daartoe gelei dat kinders die vader se teenwoordigheid verloor het.

Staples is verder van mening dat hierdie kinders nie net die teenwoordigheid van 'n vader verloor nie, maar ook die nodige dissipline, sosialisering en die rolmodel wat die vader gewoon weg voorsien het (Staples, 1999:195). Staples (1999:214) reflekteer die vaderrol tweërlei deur te verwys dat die vader nie net in die moeder moet belangstel stel nie, maar ook belangstelling toon in die kind. Hierdie beeld wat Staples van praat is volgens Marsiglio (1999:47) baie belangrik vir die vader want die vader moet homself sien in die beeld van 'n goeie vader waarin hy homself versterk in al sy pogings om 'n goeie vader te wees. Die moeder moet op haar beurt die vader ondersteun as dit kom by die versorging en nie die vader se inspanning kritiseer nie (Marsiglio, 1999:47-48).

- **Samevatting**

Dit blyk dat kinders dissipline, sosialisering en selfs die rolmodel van die vader verloor as gevolg van sy afwesigheid. Verder ly die moeder daaronder,

want die vader moet nie net in die kinders belangstel nie, maar ook in haar. Die vader se beeld word belangrik geag, want daarin moet hy hom versterk en sy pogings en inspanning mag nie verydel word nie.

- **Die gevolge van 'n afwesige vader by dogters**

Sharpe (1994:132-133) verduidelik dat as gevolg van die afwesigheid van die vader, veral dogters onder geweldige druk kom. Hierdie kinders se soeke en verlange na 'n vader word geweldig versteur wat daartoe lei dat hulle emosies ontaard in haat en teleurstelling en sodoende beëindig baie hulle lewens (Sharpe, 1994:135).

- **Samevatting**

Die afwesigheid van die vader het geweldige implikasies wat nadelige gevolge vir die gesi̇n inhou waar emosies en lewens betrokke is.

- **Die vader bied rigting aan en is broodwinner en versorger**

Stafford en Bayer (1993:33-37) is van mening dat die vader se rol rigting-aangewend moet wees om enige probleme te elimineer. Hy moet verder motiverende bydraes en morele ondersteuning bied. Die vader is nie alleen verantwoordelik nie, die moeder met die hulp van die vader is aanspreeklik vir die gesin en *beide* is verplig om sekere take ten opsigte van die kind se opvoeding en versorging te verrig (Feeney *et al.*, 2001:145-150).

Die vader word as die aangewese ouer beskou om voedsel vir die gesin te voorsien, waarby die moeder se rol in die voorbereiding daarvan vervul word (Morgan, 1996:158-159).

Skolnick en Skolnick (1992:388-391) gaan van die veronderstelling uit dat wanneer die vader as broodwinner sy werk verloor en daar geen voorsiening meer is nie, moet die vader steeds deur die gesin erken, gerespekteer en ondersteun word. Maar volgens Lupton en Barclay (1997:12-17) is vaderskap nie net gebaseer op die voorsiening vir die gesin nie, vaderskap verg meer as net materiële sake.

- **Samevatting**

Dit is dus belangrik dat die vader se rol waardevol beskou moet word en die moeder die nodige ondersteuning bied om dit vir die vader eenvoudig en aangenaam te maak wat die kind betref. Vaderskap moet erken word in die sosiale lewe, in die gemeenskap en ook waar die kind in sy omgewing teenwoordig is (Lupton & Barclay, 1997:18-21).

Dit is dus van kardinale belang dat die vader steeds in sy rol as vader erken word, ten spyte daarvan dat hy sy werk verloor en daar geen versorging van hom is nie. Die gesin moet in alle gevalle die nodige respek, ondersteuning en simpatie betoon.

- **Die vader se rol in die gemeenskap, landwyd en internasionaal**

Muncie *et al.*, (1993:218-220) verduidelik dat die vader nie net in die private sy van die lewe erken moet word nie, maar ook in die gemeenskap. Hulle verduidelik verder dat die vader se gesag van kardinale belang is om sodoende ouerlike verantwoordelikheid teweeg te bring (Muncie *et al.*,1993:97).

Clarke *et al.* (1998:217) sê dat vaderskap en die betrokkenheid daarvan 'n onderwerp geword het van internasionale belangstelling. Hulle reken ook dat vaderskap 'n dinamiese aspek is wat uit vroeëre lewensituasies afkomstig is en moet steeds op dieselfde grondslag toegepas word as wat dit oorgelewer was van vroeëre ouerskap (Clarke *et al.*, 1998:218).

- **Samevatting**

Die vader speel nie net 'n rol in die gesin nie, maar ook in die gemeenskap waar sy vrou en kind betrokke is. Hierdie rol word juis deur die gemeenskap aanvaar dat die vader 'n gesagsposisie geklee.

Dit blyk dus dat die rol van die vader internasionale belangstelling oor die hele wêreld wek en hierdie onderwerp oor die vader het sy oorsprong uit vroeëre lewensituasies wat steeds vandag van toepassing is.

- **Die vader met vigs**

Volgens Antle *et al.* (2001:159-161) moet die ouer as vader of moeder erken word, ten spyte daarvan dat hulle teen die dodelike bedreiging van HIV/VIGS weerstand bied. Met ander woorde hierdie vader of moeder moet juis in so geval waar hulle geaffekteerde ouers in die gesin is, spesiale sorg en aandag geniet. Antle *et al.*(2001:164) voeg verder by dat selfs die geaffekteerde vader voorberei moet word vir die toekoms rakende sy gesin.

Minnie (2003:111) sê dat die bekendmaking van die vader se MIV-status is deel van sy voorbereiding. Hierdie voorbereiding sluit gevalle in waar die vader sy werk verloor, verlies aan behuising ervaar, sy vriendskap en familieondersteuning begin krimp.

Daar is volgens Minnie (2003:166) sekere komponente van pastorale berading wat aan die geaffekteerde vader voorgehou kan word:

- ***Empatie***

Dit is die innerlike vereenselwing en begrip met die persoon in nood.

- ***Aanvaarding***

Die vader moet aanvaar word soos wat hy is, want hy kan homself nie help nie.

- ***Wederkerigheid***

Hier moet die gesin op hoogte bly met die gevoelens en houding van die vader.

- ***Vryheid***

Die vader moet vry voel om sy emosies en houding te openbaar, of dit aggressief of skandelik is. Die vader bly die verantwoordelike ouer in die gesin.

Minnie (2003:167-169) meld, onder andere, dat sekere maniere gebruik kan word om na die geaffekteerde persoon te luister, naamlik:

➢ ***Aanvaardend luister***

Die gesin moet in hierdie verband na die positiewe sowel as die negatiewe aspekte van die geaffekteerde vader luister.

➢ ***Observerend luister***

Hierdie tipe luister sluit gevoelens, gesigsuitdrukkings en ander fasette in veral as die vader skuldgevoelens openbaar.

➢ ***Reflekterend luister***

Die gesin moet weergee wat die vader eintlik wou stel. Dit is met ander woorde die terugspeling van die vader se woorde.

➢ ***Vragend luister***

Daar moet na 'n vraagvorm geluister word wanneer daar gekommunikeer word, veral deur herhaling, interpretasie en ander fasette.

- **Samevatting**

Dit is belangrik om die geaffekteerde vader of moeder wat deur HIV/VIGS besmet is, spesiale versorging en aandag te gee. Die gesin moet hom nie losmaak van die vader wat deur die dodelike siekte bedreig word nie, myns insiens bly die vader die gesagsfiguur binne die konteks van die gesin.

- **Die belangrikheid van tydsbesteding in die gesin**

Aldous *et al.* (1998:813-816) verduidelik dat die vader behoort genoegsame tyd met sy gesin, veral die kinders deur te bring. Die moeder is gewoonlik die ouer wat enorme tyd aan die kinders afstaan, maar Aldous *et al.* stel voor dat vaders meer betrokke moet raak. Hulle sê verder dat aktiewe vaderskap van hoogstaande gehalte binne die gesin is en dit behoort onmiddellik van

toepassing te wees om sodoende die kind vir die samelewing voor te berei (Aldous *et al.*, 1998:817-818).

Fagan *et al.* (2000:187) skryf dat vaders genoegsame tyd moet spandeer met sy kinders. Programme moet voorgestel word om die aspek van tyd te akkommodeer. Die tyd wat gespandeer word met die kinders verskil as gevolg van die eienskappe van die vader, kind en gesin. Een van die eienskappe kan die ras en etniese agtergrond van die vader wees (Fagan *et al.*, 2000:187).

Aktiewe betrokkenheid van die vader word deur Doherty *et al.* (2000:570) as 'n verpligte vereiste genoem waar veral daar gevra word wat die kinders benodig. Verantwoordelike vaderskap kan in die nood van alle kinders voorsien om sukses te bewerkstellig. As *beide* geslagte aktief by die kinders betrokke is, sal die welstand van die kind bevorder word (Doherty *et al.*, 2000:570).

Doherty *et al.* (2000:570) verduidelik verder dat die belangrikste rede waarom hulle verantwoordelike vaderskap aanbeveel, is dat dit slegs in die kinders se belang is. Hulle sê verder dat die uiteindelike vader wat wel saak maak, is die biologiese vader instede die *"ander vaders"* soos die *"gay"-vader.*

- **Samevatting**

Dit blyk dus dat die tydskwessie essensiële betekenis het waar die vader verplig word om genoegsame tyd met die gesin te spandeer. Die voorbereiding van die kind word deur die vader se aktiewe rol in die gesin bepaal. Verantwoordelike vaderskap bewerkstellig die kind se welstand en sodoende word sukses in die gesin behaal.

- **Die moeder se blokkasie by die betrokkenheid van die vader**

Die moeder word deur Doherty *et al.* (2000:571) bestempel as die *"gatekeeping"* van die vaders se weerstand. Hierdie moeders minimaliseer die vaders se weerstand om aktief by die kinders betrokke te wees.

Die ekonomiese ondersteuning van die vader word ook verder gedefinieer as een van die belangrikste aspekte van verantwoordelike vaderskap waardeur die vader sy finansiële ondersteuning moet gee.

Vaderskap sowel as moederskap bevoordeel die sosiale aspek in die gesin, want as die vaderlike rol nie sterk impak maak nie, lei die kinders aan negatiewe sosiale kragte wat veeleisend kan wees (Doherty *et al.*, 2000:573-574).

- **Samevatting**

Uit die voorafgaande blyk dit dat die moeder as hulp moet optree om die rol van die vader in die gesin te ondersteun. Die vader se belangrikste funksie in die gesin is die voorsiening van finansies sodat die gesin goed versorg kan word. As die vader se rol nie 'n sterk impak op die gesin maak nie, kan dit die kinders negatief beïnvloed en dit kan verder lei dat hulle sosiale wanaanpassing.

- **Verskillende soorte vaders**

Kaila-Behm *et al.* (2000:187) ondervind en beskryf watter soort vaders daar kan wees.

Die volgende word genoem :

- stewige vaders,
- selfsugtig en koue vaders,
- senuweeagtig en hunkerende vaders,
- afwesig vaders,
- tradisionele vaders,
- ondersteunende vaders,
- nuwe vaders.

- **Samevatting**

Daar kan verskillende soorte vaders wees, maar die beginsel en funksie van die teenwoordigheid en betrokkenheid van die vaders bly dieselfde.

## 3.5 EMPIRIESE NAVORSING

### 3.5.1 Inleiding

Hierdie studie behels beide teoretiese en empiriese navorsing. In die volgende afdeling word vraelyste en onderhoude gebruik om die ontbrekende en onbetrokke rol van die vader vas te stel.

### 3.5.2 Doelwit

'n Steekproef word gemaak om die verloop van die probleem (ontbrekende vader) te bepaal deur onderhoude met vroue wat die probleem van 'n afwesige vader ervaar en beleef, te hou en vraelyste in te vul.

Alhoewel hierdie navorsing primêr in die "Kleurling" woongebied Promosa (Potchefstroom-omgewing) gedoen is, oordeel die navorser dat die resultate daarvan simptomaties is van die totale prentjie in die Suid-Afrikaanse konteks.

### 3.5.3 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is gedoen aan die hand van 'n kwalitatiewe navorsing.

#### *3.5.3.1 Kwalitatiewe ondersoek*

Die ondersoek is gedoen onder respondente waar die probleem van 'n totaal ontbrekende vader voorkom en ook waar die vader wat teenwoordig is, nie sy rol nie behore vervul nie.

'n Vraelys is deur elke respondent ingevul waarna ook 'n onderhoud met die persoon gevoer is. 'n Uiteensetting van elke respondent se inligting sal verder in die hoofstuk weergegee word.

### 3.5.4 Metode van ondersoek

'n Ondersoekmetode word gebruik waar persoonlike onderhoude met behulp van vraelyste gevoer word. Die ondersoekgroep bestaan uit vroue in die Promosa-gebied. Die vroue was aanvanklik 12, maar 4 het intussen verhuis.

#### *3.5.4.1 Vraelyste (vgl. Bylaag B)*

Die volledige vraelys is in Bylaag B opgeneem.

## 3.6 MEDEDELINGS DEUR RESPONDENTE (verwys as A, B, C, D, E, F, G, en H)

Die volgende fasette is hanteer:

- Algemene opmerkings.
- Die godsdiensaspek.
- Die invloed op die kinders.

### 3.6.1 Mededelings deur respondent A

#### *3.6.1.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 40

Huwelikstaat : Getroud

#### *3.6.1.2 Algemene opmerkings*

Alhoewel respondent A wettig getroud is, is sy van bed en tafel geskei. Die vader woon nie meer saam met die gesin nie, maar by 'n ander vrou. Op die ouderdom van 40 wou respondent A haar matriekkwalifikasie behaal, maar die situasie van die ontbrekende vader het haar nadelig beïnvloed.

Volgens respondent A was die vader nooit betrokke by sy gesin nie. Sy noem wel die positiewe aspekte waar die vader sy gesin goed versorg en finansieel ondersteun het. Die nadeel is egter dat hy lastig en onbeskof opgetree het terwyl hy drank misbruik het.. Respondent A voel sy mis die vader in 'n mate (10% daarvan), maar oor die algemeen *"cope"* die gesin met die huishouding (90% daarvan).

Respondent A se ouers is getroud en het 'n suksesvolle huwelik.

#### *3.6.1.3 Die godsdiensaspek*

Respondent A is 'n wedergeborene. Albei haar ouers is Christene en beklee hoë posisies in die kerk. Respondent A is 'n gelowige wat gebed en die bestudering van die Bybel ernstig opneem.

Sy verduidelik dat God nie die oorsaak van haar situasie is nie, maar die Satan. Sy voel dat sy en haar twee dogters Bybelse berading benodig, want daar word wel gebid deur ander mense vir haar situasie, maar dit bly onveranderd.

### *3.6.1.4 Die invloed op die kind(ers)*

Die twee kinders (dogters) van 21 en 11 jaar oud is negatief beïnvloed as gevolg van die ontbrekende vader. Die twee dogters het erge haatgevoelens teenoor hulle vader ontwikkel omdat hy by 'n ander vrou gaan kuier het, waar hy ander kinders in plaas van sy eie onderhou. Die vader was nooit by sy kinders betrokke nie en hy het nooit tyd vir hulle ingeruim nie.

Alhoewel die kinders af en toe na 'n vaderfiguur verlang, moet hulle maar aanvaar dat hy nie aanwesig is nie. Hulle benodig sekere dinge soos geld en klere, want die moeder kan nie in al hulle behoeftes voorsien nie. Die oudste dogter is by die kollege en studeer toerisme. Hierdie kursus is duur en die moeder kan nie alleen die finansiële las dra nie.

Respondent A verlang soms na die vader veral in die handhawing van dissipline waar hy sy dogters moet aanspreek as hulle verkeerd optree of weens die feit dat hulle soms saans laat tuis kom. Sy sê dat die vaderlike liefde en ondersteuning deur die kinders baie gemis word.

## 3.6.2 Mededelings deur respondent B

### *3.6.2.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 31

Huwelikstaat : Ongetroud

### *3.6.2.2 Algemene opmerkings*

Respondent B is ongetroud maar het 'n kind (seun van 4 jaar) waarvan die vader nie betrokke wil wees nie. Respondent B voel dat haar verwagtinge wat sy gehad het met betrekking tot haar maat, nie suksesvol was nie. Sy voel baie eensaam en soek vertroosting by haar kind. Respondent B verlang soms na die kind se pa om met die kind se opvoeding te help. Sy verduidelik

verder dat 'n kind albei ouers nodig het veral as dit kom by die kind se opvoeding en fisiese behoeftes.

Albei respondent B se ouers is oorlede en sy verlang baie na haar eie vader omdat hy die meeste met haar in aanraking was.

#### *3.6.2.3 Die godsdiensaspek*

Respondent B was 'n gelowige, maar het die pad byster geraak. Haar gebedslewe is tans swak en sy lees nie meer die Bybel nie, want sy ervaar persoonlike probleme. Respondent B is wel nie meer 'n gelowige nie, maar glo steeds in God en blameer Hom glad nie vir die situasie waarin sy haar bevind nie.

Respondent B het indringend behoefte aan Bybelse berading om haar gemoedsrus te kalmeer. Sy behoort aan die AGS Kerk.

#### *3.6.2.4 Die invloed op die kind(ers)*

Respondent B meld altyd die vader by haar kind wanneer hulle tyd saam spandeer. Tans tree haar broer *(ander vader)* as 'n vaderfiguur vir die kind op.

Sy is van plan om, wanneer die kind groot en selfstandig is, hom van sy biologiese vader te vertel. Die kind verlang nie tans na die vader nie, omdat hy nog klein is, en daar is geen gevoel van haat ter sprake nie.

### 3.6.3 Mededelings deur respondent C

#### *3.6.3.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 38

Huwelikstaat : Getroud

### *3.6.3.2 Algemene opmerkings*

Respondent C het 'n wisselvallige huwelik gehad terwyl die man by sy gesin teenwoordig is, maar sy rol en funksie ontbreek nou.

Die positiewe aspek in respondent C se huwelik is waar die man vir sy gesin sorg en finansieël ondersteun. Die negatiewe aspekte is sy onbetrokkenheid by die aktiwiteite van die gesin.

Respondent C se ouers lewe nog en is getroud. Hulle albei is Christene en behoort aan die *Christen Gemeente Kerk.*

### *3.6.3.3 Die godsdiensaspek*

Respondent C is 'n wedergebore Christen wat gebed en die bestudering van die Bybel ernstig opneem. Sy sê dat gebed en berading haar huwelik in 'n mate gered het, want sy was op die punt om te skei. Haar begeerte is om verdere berading te ontvang sodat haar huwelik 'n sukses kan wees. Respondent C behoort aan die *Ubuntu Family Centre Kerk.* Sy blameer nie vir God vir haar situasie nie.

### *3.6.3.4 Die invloed op die kind(ers)*

Die kinders van respondent C mis hulle vader as hy nie by die huis is nie. Wanneer die vader nagskof werk, praat die moeder en kinders baie van hom. Die vader se negatiewe aspek is wanneer hy onder die invloed van drank is, en as gevolg hiervan ontwikkel hulle 'n gevoel van haat teenoor hom, want die vader raak aggressief en slaan die moeder.

#### 3.6.4 Mededelings deur respondent D

##### *3.6.4.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 45

Huwelikstaat : Getroud

##### *3.6.4.2 Algemene opmerkings*

Respondent D is getroud maar woon apart. Sy het 1 kind van 23 jaar (seun). Repondent D se huwelik het glad nie aan haar verwagtings nie voldoen.

Die negatiewe aspekte in haar huwelik was die drankmisbruik en die werkloosheid van die vader. Respondent D mis haar man in 'n mate, maar sy voel dat dit beter is om alleen te wees. Haar salaris is nie voldoende om 'n goeie opvoeding aan haar seun te gee nie.

Respondent D se ouers lewe albei en is getroud. Albei ouers is gelowiges waarvan die moeder in 'n sekere sone aan 'n pastoor toegewys is in die *Ubuntu Family Centre Kerk.* Die vader is 'n ouderling in die AGS Kerk.

##### *3.6.4.3 Die godsdiensaspek*

Respondent D is 'n gelowige wie se gebedslewe 'n baie positiewe invloed op haar lewe het. Respondent D blameer nie God vir haar situasie nie; inteendeel, sy glo dat God haar tot nou toe gehelp het. Sy benodig ook Bybelse berading. Respondent D is in die bediening van die *Ubuntu Family Centre Kerk.*

##### *3.6.4.4 Die invloed op die kinders*

Respondent D se seun is teleurgesteld in sy vader omdat die vader nie betrokke is nie. Die seun sukkel baie met sy studies en die finansiële druk is

geweldig op hom. Die seun verlang soms na die vader, alhoewel hy teleurgesteld in sy vader is, maar daar is geen gevoelens van haat ter sprake nie.

### 3.6.5 Mededelings deur respondent E

#### *3.6.5.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 45

Huwelikstaat : Geskei

#### *3.6.5.2 Algemene opmerkings*

Respondent E is van haar man geskei weens sy drankmisbruik en aanranding. Respondent E het 8 kinders waarvan 5 seuns en 3 dogters is. Hulle ouderdomme is 12, 13, 15, 16, 19, 20, 23 en 24. Respondent E se huwelik het nie aan haar verwagtinge voldoen nie en nou moet sy alleen vir die kinders gesorg.

Die positiewe aspekte van die man was dat hy 'n goeie vader was vir sy kinders wanneer hy nie dronk was nie. Die negatiewe aspekte is die drankmisbruik, want die vader en moeder het toe baie baklei.

Na die egskeiding is die vader baie rustig en respondent E en haar kinders geniet die rustigheid baie wanneer die vader kom kuier.

#### *3.6.5.3 Die godsdiensaspek*

Respondent E is 'n gelowige en haar gebedslewe is vir haar van kardinale belang. Sy blameer nie God vir haar egskeiding nie, en glo dat elke ding het sy bepaalde doel. Respondent E is in die *Ubuntu Family Centre Kerk*. Sy en haar kinders het behoefte aan Bybelse berading.

#### *3.6.5.4 Die invloed op die kinders*

Die kinders was baie gespanne en emosioneel met die vader se drankmisbruik, bakleiery en vloekery. As hy dronk was kon die kinders en die moeder glad nie slaap nie. Hulle is nou baie rustig en kalm en sien hulle vader maar selde. Die enigste plek waar hulle hom dikwels sien, is op straat.

Die kinders is verder baie hatig teenoor hulle vader en hulle betoon geen respek teenoor hom nie en noem hom sommer op sy naam.

### 3.6.6 Mededelings deur respondent F

#### *3.6.6.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 43

Huwelikstaat : Getroud

#### *3.6.6.2 Algemene opmerkings*

Respondent F het drie kinders, 2 seuns en 1 dogter van 10, 17 en 21 jaar. Respondent F se huwelik het geensins aan haar verwagtinge voldoen nie.

Die negatiewe aspekte is dat die vader geen vaderlike pligte ten opsigte van die kinders nakom nie. Respondent F voel dat sy verwaarloos word omdat die vader nie aan haar aandag gee nie.

Die onbetrokkenheid van die vader veroorsaak stres en die finansiële implikasies hoop geweldig op. Baie fisiese en emosionele probleme van die kinders moet die moeder alleen behartig. Respondent F voel dat *albei* ouers vir die opvoeding van die kinders verantwoordelik is. Die moeder leen soms geld om die kinders te vrede te stel.

Respondent F se ouers is albei oorlede en het 'n goeie huwelik gehad.

#### *3.6.6.3 Die godsdiensaspek*

Respondent F is 'n wedergeborene en glo dat gebed 'n daaglikse lewenstyl is. Sy blameer God nie vir haar situasie nie. Sy is in die AGS Kerk en lees die Bybel vir hulp en leiding om haar situasie te verbeter. Die respondent benodig indringend Bybelse berading.

#### *3.6.6.4 Die invloed op die kinders*

Die kinders ervaar en beleef negatiwiteit teenoor hulle vader. Vir die kinders is dit moeilik om in die teenwoordigheid van hulle maats en onderwysers op hulle vader trots te wees. Die vader se onbetrokkenheid en verwaarlosing van die gesin laat die kinders baie sleg voel. Hierdie kinders vra weinig na hulle vader, veral as hy uitwerk.

Wanneer kompetisies ter sprake is, verlang die kinders soms na hul vader om hulle finansieel te ondersteun en ook te motiveer, maar in baie gevalle sukkel die kinders met ander aktiwiteite wat finansiële implikasies het. Hierdie kinders ontwikkel haatgevoelens teenoor die vader, want hulle het nie middele wat ander kinders of vriende het nie.

### 3.6.7 Mededelings deur respondent G

#### *3.6.7.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 43

Huwelikstaat : Weduwee

#### *3.6.7.2 Algemene opmerkings*

Respondent G is 'n weduwee nadat haar man in 'n motorongeluk oorlede is. Sy het drie dogters van 19, 21 en 23 jaar. Haar huwelik het soms aan haar

verwagtinge voldoen. Die negatiewe aspek in hulle huwelik was die feit dat haar man nooit gesê het waarheen hy gaan nie.

Beide ouers van respondent G lewe en hulle is getroud. Respondent G kon baie met haar moeder in aanraking omdat hulle beter met mekaar kommunikeer.

#### *3.6.7.3 Die godsdiensaspek*

Respondent G glo dat sy 'n wedergebore Christen is en blameer nie God vir haar man se dood nie. Sy is baie lief vir gebed en lees dikwels haar Bybel.

#### *3.6.7.4 Die invloed op die kinders*

Die kinders verlang baie na die vader, want hy het vir hulle baie beteken. Wanneer respondent G met haar kinders kommunikeer, word daar baie melding van die vader gemaak. Dit is duidelik dat die kinders na 'n vaderfiguur verlang. Hulle het ook geen haatgevoelens teenoor hulle gewese vader nie, hulle mis hom net baie.

### 3.6.8 Mededelings deur respondent H

#### *3.6.8.1 Persoonlike inligting*

Ouderdom : 42

Huwelikstaat : Geskei

#### *3.6.8.2 Algemene opmerkings*

Respondent H is van haar man geskei weens gesinsgeweld. Sy het 4 kinders waarvan 3 dogters en 1 'n seun is. Respondent H se huwelik het in 'n mate aan haar verwagtinge voldoen, maar verder het negatiewe eienskappe die huwelik beïnvloed.

Die positiewe eienskappe in respondent H se huwelik was dat sy ander vroue kon leer en help om huweliksprobleme op te los. Die negatiewe aspekte is egter dat die kinders deur die vader se probleem beïnvloed was terwyl hulle prestasie op skool daaronder gely het. Hulle het verder vrese ontwikkel wat hulle hele lewe beïnvloed het.

Respondent H en haar kinders ervaar en beleef kalmte vandat sy van haar man geskei is. Die kinders funksioneer normaal en hulle voel veilig by die huis.

Die ma voel egter nie tevrede dat sy alleen na die kinders se opvoeding moet omsien nie. Sy sê dat die vader se salaris baie kan help om die finansiële druk en las te verlig.

Respondent H se moeder is oorlede en haar vader lewe. Haar ouers was getroud en het 'n baie gelukkige huwelik gehad. Die vader het egter 'n drankprobleem gehad, maar dit was onder beheer. Respondent H se ouers was gereelde kerkgangers waarvan haar moeder aktief in die kerk betrokke was.

#### *3.6.8.3 Die godsdiensaspek*

Respondent H is 'n gelowige en behoort aan die *Ubuntu Family Centre Kerk.* Gebed en Bybellees is van kardinale belang in haar lewe. Sy en haar gesin hou gereeld huisgodsdiens (huisaltaar) om so hulle geestelike lewe te versterk.

Respondent H blameer nie God vir haar situasie nie, maar haar gewese man. Sy ontbrekende rol, funksie en verkeerde gewoontes het tot die mislukking van haar huwelik bygedra.

Respondent H het verskeie beradingsbesoeke bygewoon net om haar situasie te verbeter. Alhoewel sy al die hulp en ondersteuning van haar pastoor ontvang het, blyk dit tog dat sy aan Bybelse berading behoefte het.

#### *3.6.8.4 Die invloed op die kinders*

Deur die vader se verkeerde optrede en die feit dat hy nie sy rol behoorlik vervul het nie, het die kinders emosionele skade en vrese opgedoen. Hulle mis glad nie die vader nie; inteendeel, hulle lewens in nou baie kalm.

Daar word soms tussen die moeder en die kinders van die vader melding gemaak, veral as die finansiële aspek ter sprake kom. Op die huidige oomblik is daar geen haatgevoelens van die kinders teenoor hulle vader nie.

Dit blyk tog dat die kinders en die moeder in 'n mate na die vader verlang, maar as hulle dink aan die gevolge en gebeure wat hulle meegemaak het, wil hulle liewers van alles vergeet.

## 3.7 VOORLOPIGE SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3

### 3.7.1 Sosiologiese perspektiewe

Die Sosiologiese perspektiewe kan met die volgende stellings saamgevat word:

- Vaderskap ontwikkel wanneer 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou plaasvind en kinders uit die huwelik gebore word.
- Die vader se rol kry volle betekenis in die huisgesin.
- Die huwelik tussen die man en die vrou word sosiaal erkenbaar met die betrokkenheid van die vader.
- Die vader se gesagsposisie in die gesin bring 'n intieme band met die kinders mee.
- Die vervullingsrol van die gesin word uiteengesit met die vader as die primêre broodwinner van die gesin en die moeder as die primêre versorger van die gesin.

- Die verhouding waarin die vader, moeder en die kind hulle bevind, is onlosmaaklik van mekaar.
- Die vader is die gesagsfiguur wat norme, waardes, etiese beginsels, moraliteit en religieuse beginsels in die gesin moet toepas.
- Die vader moet as die goeie voorsiener geïdentifiseer word.
- Die vader se sosiale rol neem in aanvang vanaf die swangerskap van die vrou.
- Die vader bly vader in die gesin, alhoewel hy moontlik deur die dreigende siekte van HIV/VIGS affekteer kan wees.
- *Luister* is een van die belangrikste faktore by die geaffekteerde vader.
- Vaders word "gemaak" en nie "gebore" nie.

### 3.7.2 Psigologiese perspektiewe

Psigologiese perspektiewe kan met die volgende stellings saamgevat word:

- Die vader as gesagsfiguur is verantwoordelik om 'n morele karakter vir sy kinders by die huis aan te leer.
- Die vader moet sy gesag uitoefen om sodoende waardes by die gesin te kweek.
- 'n Gesonde verhouding tussen die ouers en die kinders word deur die betrokkenheid van die vader bewerkstellig.
- Die vader se effektiewe rol begin reeds voor die puberteitstadium van die kind.

- Die betrokkenheid van die vader by die kinders skep geleenthede vir identifikasie.
- Die vader is verantwoordelik om selfbeeld, selfkonsep en self-persepsie by die kind vas te lê.
- Die vader dra sy gedrag, vaardighede en kennis aan die kind oor.
- Die vader se rol kan met behulp van die moeder aangehelp word om in die gesin meer effektief betrokke te wees.
- Jong pa's is 'n faktor vir afwesige vaderskap.
- Die kind word psigologies bevoordeel as die vader saam met die gesin woon.
- Die rol van die vader by seuns is buitengewoon noodsaaklik, want seuns leer dan om behulpsaam te wees.
- Dogters word deur die moeder geleer om liefderyk te wees.
- Die vader se fisiese teenwoordigheid en betrokkenheid by die huis skep 'n dieper en betekenisvolle verhouding by sy vrou en kinders.

### 3.7.3 Maatskaplike Werk se perspektiewe

Maatskaplike Werk se perspektiewe kan met die volgende stellings saamgevat word:

- Kinderverwaarlosing word 'n faktor as gevolg van die afwesige rol van die vader.
- Maatskaplike Werk help met die rekonstruksie van die gesin.

- Ouerskap verg dieselfde beginsel ongeag die ras van die persoon. Of die vader blank, swart of gekleurd is, elke gesin benodig die teenwoordigheid van 'n vader.

- Die biologiese vader is belangrik om verwarring by kinders uit te skakel.

- Die vader se betrokkenheid is 'n aanwins vir die kind.

- Finansiële hulp is een van die vernaamste aspekte van sorgsaamheid waaroor die vader moet beskik.

- Die vader is die broodwinner van die gesin, daarom moet sy rol as waardevol beskou word.

- Die vader se betrokkenheid neem in aanvang vanaf die puberteits- tot die adolessentstadium.

- Kinders se behoefes word bevredig deur die teenwoordigheid van die vader.

- Die biologiese vader is meer belangrik as die "ander vaders".

- Die moeder moet help om die vader se beeld korrek en effektief uit te dra.

- Die vader is die kind se rolmodel.

- Die vader se rol moet rigtinggewend wees om probleme by dogters uit te skakel.

- Die vader se rol is nie net van toepassing by die huis nie, maar ook in die gemeenskap.

- Die vader se grootste en belangrikste taak is om baie tyd met sy gesin deur te bring.

## 3.8 Empiriese ondersoek

(Die volledige vraelyste is beskikbaar en in die besit van die navorser.)

Die respondente se terugvoerings kan met die volgende stellings saamgevat word:

**RESPONDENT A**

- Respondent A is van bed en tafel van haar man geskei.
- Die situasie van die ontbrekende vader het haar nadelig beïnvloed.
- Respondent A is 'n gelowige en blameer nie God vir haar situasie nie, maar die duiwel.
- Respondent A se twee kinders het baie haat teenoor hulle vader ontwikkel.
- Sy verlang soms na die vader veral wat die dissipline, liefde en ondersteuning van haar kinders betref.
- Respondent A en haar kinders benodig Bybelse berading.

**RESPONDENT B**

- Respondent B is ongetroud met 'n babaseuntjie.
- Respondent B se broer tree tans as die seuntjie se vader op.
- Sy was 'n gelowige maar het die pad byster geraak.
- Respondent B benodig Bybelse berading en glo dat God haar situasie gaan verbeter.

**RESPONDENT C**

- Respondent C is getroud, maar haar huwelik is baie wisselvallig waar die vader ontbreek om sy rol en funksie in die gesin te vervul.
- Respondent C is 'n gelowige en blameer nie God vir haar wisselvalige situasie nie.
- Sy benodig Bybelse berading sodat haar huwelik 'n sukses kan wees.
- Die kinders van respondent C mis hulle vader, veral wanneer hy skofte werk en min by die huis is.
- Wanneer die vader egter by die huis kom, en hy onder die invloed van drank is, slaan hy die moeder.

**RESPONDENT D**

- Respondent D is getroud maar woon apart.
- Haar huwelik het glad nie voldoen aan haar verwagtinge nie weens die vader se afwesigheid, drankmisbruik en werkloosheid.
- Respondent D blameer nie vir God nie, en benodig Bybelse berading sodat haar situasie kan verbeter.
- Haar seun is baie teleurgesteld in sy vader, veral omdat hy so sukkel met sy studies weens onvoldoende fondse.

**RESPONDENT E**

- Respondent E is geskei weens haar man se aanranding en drankmisbruik.
- Sy het agt kinders wat sy alleen onderhou.
- Die kinders het 'n haat teenoor hulle vader ontwikkel omdat hy nooit sy plig en rol as vader in die gesin nagekom en vervul het nie.

- Respondent E is 'n gelowige en glo dat sy en haar kinders deur haar gebedslewe vandag oorleef.
- Respondent E en haar kinders benodig Bybelse berading.

**RESPONDENT F**

- Respondent F is getroud en voel dat haar huwelik geensins aan haar verwagtinge voldoen het nie.
- Sy voel sy word verwaarloos omdat die vader nie aandag aan haar gee nie en ook nie sy rol en funksie in die gesin behoorlik vervul nie.
- Respondent F blameer totaal haar man vir die situasie waarin sy is.
- Haar kinders beleef negatiwiteit rondom die vader se onbetrokkenheid in die gesin.
- Respondent F benodig Bybelse berading en blameer nie God vir haar situasie nie.

**RESPONDENT G**

- Respondent G is 'n weduwee en sy en haar kinders mis die vader wat deur 'n ongeluk oorlede is.
- Sy blameer nie God vir haar man se ongeluk nie, maar benodig Bybelse berading, want sy mis die rol van die vader in die gesin.

**RESPONDENT H**

- Respondent H is geskei weens gesinsgeweld.
- Sy is 'n gelowige en blameer nie God vir haar situasie nie, maar haar gewese man.
- Sy voel dat die vader se ontbrekende rol, funksie en verkeerde gewoontes daartoe bygedra het dat haar huwelik misluk het.

- Die respondent het al beradingsessies bygewoon, maar benodig Bybelse berading.
- Die kinders van respondent H het emosionele skade en vrese opgedoen weens die vader se verkeerde optrede en ontbrekende rol.

## 3.9 SLOT

In hierdie hoofstuk is metateoretiese perspektiewe en die empiriese ondersoek waar vraelyste en onderhoude gevoer was, gebruik. In die volgende hoofstuk word gekyk na die praktykteoretiese perspektiewe of riglyne vir die vader in die gesin.

# HOOFSTUK 4

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OF RIGLYNE VIR DIE VADER BINNE DIE GESIN EN DIE GEMEENSKAP

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 word gefokus op die basiese riglyne vir die vader binne die gesin en die gemeenskap. Dit is duidelik op grond van die metateoretiese perspektiewe dat die rol van die vader binne die gesin sowel as die gemeenskap dikwels ontbreek. Die wyse hoe die leemte gevul kan word, sal met behulp van Bybelse perspektiewe aangedui word. (Vgl. hoofstuk 2 waar Bybelse perspektiewe bespreek is.)

## 4.2 DOELSTELLING

In hoofstuk 4 volg 'n praktykteorie ontwerp, waar vanuit die teorie na die praktyk beweeg word. Eerstens word Bybelse berading ontleed wat gevolg word deur die verskillende beradingsmodelle. Hierna word gekyk na die navorser se voorgestelde model vir die ontbrekende vader. Ten einde in hierdie doel te slaag, word die basisteoretiese gegewens (hoofstuk 2) in hermeneutiese wisselwerking met die metateoretiese gegewens (hoofstuk 3) geplaas om sodoende die praktykteorie te ontwerp.

## 4.3 BYBELSE BERADING?

### 4.3.1 Wat is Bybelse berading?

Volgens Reinecke (2001:148) word met Bybelse berading bedoel die aanwend van beradingstegnieke binne die religieuse praktyk asook die byvoeging van religieuse elemente tot die goedgefundeerde beradingsmodelle. Die mens word deur die Bybel as sondaar uitgebeeld wat in sy natuur verdorwe is en tog afhanklik van God is (HK, 1976:32, Sondag 2, vr. en antw. 5).

Bybelse berading word ook volgens Minnie (2003:1) hanteer om veral wanbegrippe soos pastorale berading te "ondervang" deur die Bybel as vertrekpunt te gebruik.

Bybelse berading sluit ook fasette soos bediening, versoening en pastorale versorging in (Minnie, 2003:1; vgl. ook Collins, 1988:16; Louw, 1997:27).

Die Sosiologie, Psigologie en die Maatskaplike Werk kan nie alleen oplossings of veranderings bring nie. Die ideale oplossing staan sentraal in die Skrif en dit is juis waaroor Bybelse berading gaan.

Volgens Reinecke (2001:148) veronderstel Bybelse berading drie essensiële punte:

- God het elke mens geskape.
- Sonde het elke mens besmet.
- God het voorsiening gemaak vir elke mens om te verander.

MacArthur en Mack (1994:16-17) meen dat Psigologie nie die mens se hart kan verander nie. Die idee van verandering is sentraal in die Skrif en dit is waaroor Bybelse berading handel.

Volgens Woodbridge *et al.* (1998:21-23) is Bybelse berading uniek omdat dit:

- 'n Teologiese grondslag het en nie beperk is tot wetenskaplike kennis vir sy begrip van mense nie;
- unieke doelwitte het waarvan geestelike groei belangrik is;
- unieke hulpbronne het, byvoorbeeld die Bybel en gebed;
- unieke metodes gebruik, want die berader is bloot 'n hulp of kanaal waardeur die Heilige Gees deurslaggewend werk.

McMinn (1996:26-27) beklemtoon die feit dat die Christelike geloof op 'n praktiese wyse deur die berader in die beradingsproses gebruik word. Hierdie praktiese gebruik bewerkstellig veranderinge wanneer geloof beoefen word.

### 4.3.2 Die doel van Bybelse berading

Volgens Gschwend-Bosch (1995:20-21) is die doel van Bybelse berading om verandering in mense se lewens te bewerkstellig deur die vrymakende krag van Christus (vgl. Rom. 12:2, Ef. 4:23-24).

Soos aangedui in hoofstuk 1 (vgl. 1.6.1) is die vertrekpunte van die navorser tot Bybelse perspektiewe noodsaaklik in die hantering van die probleem van die afwesige vader.

## 4.4 DIE BERADINGSVERHOUDING

### 4.4.1 Die berader

Die Bybelse berader kan slegs 'n helper wees vir diegene in nood en ook 'n vertrooster vir diegene wat ly as hy met riglyne in die Woord van God en onder die gesag van die Heilige Gees werk. Die belangrikste vereistes vir 'n Bybelse berader is dat hy 'n wedergeborene moet wees, vervul met die Heilige Gees en dat hy die beradene in biddende afhanklikheid van God sal

begelei. Die berader in die beradingsproses moet geloofskennis verkry uit die bestudering van die Woord van God onder leiding van die Heilige Gees (Minnie, 2003:3). Daarna behoort die berader akademies en professioneel vakkundig gekwalifiseerd te wees en 'n grondige kennis van die inhoud van die Bybel te hê (Reinecke, 2001:151; vgl. ook Joh. 3-21, Ef. 5:18 en Kol. 3:16).

Volgens Collins (1988:41) het Jesus empatie getoon toe Hy mense genees het. Geen berader kan mense help sonder die liefde van Christus wat die volgende aspekte insluit :

- empatie,
- warmte,
- liefde,
- simpatie,
- versorging,
- omgee,
- voorsiening en ander fasette.

#### 4.4.2 Die beradene

Die beradene moet aktief deelneem aan die beradingsproses (Kleinke, 1994:29-30). Die begeerte en verwagtinge van die beradene om gehelp te word, is van kardinale belang in die hele beradingsproses (Reinecke, 2001:152).

Die begeleiding aan die beradene deur die berader is gesagvol, maar dit moet in ooreenstemming met die Woord van God wees (Minnie, 2003:25; vgl. ook 2 Kor. 5:18-20, 2 Tim. 3:16, 17).

## 4.5 DIE BERADINGSPROSES

In die beradingsproses kom die Woord van God as kenbron voor. Hierdie Woord van God is onlosmaaklik van die Gees van God wat die Woord geïnspireer het (Minnie, 2003:3).

Volgens Reinecke (2001:152) is die beradingsproses belangrik omdat dit korrek en Bybels hanteer moet word.

Lotter (1987:106-107) beskryf dat die konsep *"luister"* baie belangrik in die beradingsproses is. 'n Goeie voorbeeld word in Jakobus 1:19 saamgevat : "Wees gou om te luister, maar stadig om te praat. Verdere ander voorbeelde is in Spreuke 18:2, 4 en Job 2:11-13 (Lotter, 1987:106-107).

### 4.5.1 Teologiese vertrekpunte

Die belangrikste vertrekpunte by praktiese hulpverlening is volgens Louw (1997:488):

- God as Vader se besorgheid oor die mens.
- Jesus Christus as Vriend en Verlosser, die Een wat versoening bewerk.
- Die Heilige Gees as Bemiddelaar, die Een wat bystand verleen.

### 4.5.2 Skrifgebruik by Bybelse berading

Die Bybel bied die nodige riglyne om lewensprobleme te hanteer (Woodbridge *et al.*, 1998:35; vgl. ook 2 Tim. 3:16-17). Volgens McMinn (1996:99) word die Bybel as 'n *"selfhelp"*-boek in die beradingsproses beskryf.

Oorpeinsing oor die Skrif help die beradene om sy siening rondom sekere negatiewe aspekte van homself te verander. As voorbeeld word daar gekyk

na mense wat glo dat geen liefde aan hulle betoon word nie, en hulle voel verwerp en alleen. Hierdie mense kan byvoorbeeld oorpeins met Paulus se woorde aan die Romeinse Christene in gedagte waar hy sê dat God sy liefde vir ons almal bewys het toe ons nog sondaars was en Christus vir ons almal gesterf het (McMinn, 1996:100; vgl. ook Rom. 5:8).

Mense wat glo dat hulle alleen is, geïsoleer en verwerp word, kan na aanleiding van Psalm 46:1 besin. Mense wat oorweldig word met die lewe se laste, kan met Jakobus 5:11 in gedagte, nadink en berusting kry (McMinn, 1996:100).

Die Bybel is die ideale *"handboek"* in die beradingsproses waardeur die Heilige Gees die ondersteuningsrol vervul (Adams, 1976:41).

### 4.5.3 Gebed by Bybelse berading

Volgens Reinecke (2001:154; vgl. ook Woodbrige *et al.*, 1998:35) is gebed 'n integrale deel van Bybelse hulpverskaffing (Jak. 5:16). Gebed is ook 'n essensiële deel van Christelike berading, want daardeur word oplossings bekom vir fisiese probleme (McMinn, 1996:63). Gebed word verder as 'n menslike ondervinding beskryf wat 'n kragtige uitwerking het, veral in probleemsituasies (McMinn, 1996:67).

Die doel van gebed is ook om die geestelike lewe van die beradene te verbeter en om duidelikheid te gee met betrekking tot die persoon se perspektiewe van wat hy/sy glo (McMinn, 1996:67-69).

McMinn (1996:69) beveel ook aan dat stille gebed gebruik kan word om die berader te ondersteun in moeilike en stresvolle oomblikke van sy werk. Gebed kan as deel van terapie gebruik word om die beradene te motiveer om buite die beradingsessie te bid. Geen Bybelse berading kan en mag geskied sonder dat dit deur gebed gedra is nie.

## 4.6 DIE VERSKILLENDE MODELLE VIR BYBELSE BERADING

Daar is verskeie modelle tot Bybelse berading beskikbaar, waaronder die volgende saamgevat word:

### 4.6.1 Adams se *noetetiese* beradingsmodel

Die *noetetiese* beradingsmodel van Adams (1970:41-42) is 'n model waarvolgens die beradene in liefde vermaan en gekonfronteer word. Die word "*vermaan*" word afgelei van die Griekse woord "*noutheteo*" en dit beteken ook om te "*waarsku*" (vgl. Reinecke, 2001:157).

Adams (1970:50-52) beskou die Bybel as die handboek vir berading waarby die Heilige Gees die ware berader word.

Die beradene se probleem is sonde en daarom is berading belangrik om die beradene te help om sy lewe positief aan die hand van Bybelse norme te verander.

Daar is veral **drie** aspekte wat Adams (1970:44-50) in sy beradingsmodel insluit:

- **Besorgdheid ("concern/caring")**

  Hier is die beradene se welsyn baie belangrik.

- **Verandering ("change")**

  Die beradene se situasie moet verander word volgens die norme en standaarde van die Skrif.

- **Konfrontasie ("confrontation")**

  Hier moet verbale kommunikasie gebruik word om die verandering in die lewe van die beradene te bewerkstellig (Minnie, 2003:239).

Tripp (2000:17) verduidelik verder dat die waarheid in liefde met die persoon bespreek moet word sodat die beradene homself in die lig van God se Woord kan sien.

Die uiteindelike doel van *noetetiese* berading is liefde en daarom gebruik Adams liefde as besorgdheid oor die beradene waar die Skrif die sentrale plek in die beradingsproses inneem.

### 4.6.2 Collins se beradingsmodel tot die hulp van mense

Volgens Collins (1988:16-17) help berading mense om meer effektief hulle probleme, innerlike konflik en interpersoonlike spanning wat ongelukkigheid veroorsasak, baas te raak (te *"cope"*) .

Die hulp aan mense word teweeg gebring deur dissipelskapsberading waar Christus as voorbeeld gebruik word om die beradene te help (Reinecke, 2001:157; vgl. ook Collins, 1988:39).

### 4.6.3 Smith se "Theophostic" beradingsmodel

Die naam *"Theophostic"* word afgelei van die Griekse woorde *"Theos"* wat God beteken en *"Phos"* wat lig beteken. Hierdie twee terme beskryf dat God lig bring in die leemte en donker terreine van mense se lewens. Dit is God se ware lig deur sy Seun Jesus Christus wat goddelike waarhede voortbring. *Theopostic Ministry* is 'n proses waar die Gees van God deur Jesus Christus beweeg om die donker met die lig te ontbloot (Smith, 1996:12; vgl. ook Hand. 26:18).

Hierdie proses sluit ook volgens Smith (1996:12) **drie** aspekte in :

- "To protect the *integrity* of the process."
- "To protect the one *receiving* ministry."
- "To protect the one doing *ministry."*

Wanneer beskerming in die drie prosesse geskied, word ware berading na vore gebring.

> *"If you do true Theophostic Ministry then you cannot rightfully be accused of counseling"*

*Theophostic* verduidelik samevattend die leuen in jou lewe en hoe die Here se genesing die probleem oplos. Dit is basies om die Heilige Gees toe te laat om die persoon na die seer plekke te vat waar Jesus genesing, lig en die waarheid bring.

### 4.6.4 Crabb se beradingsmodel van vertroosting

Crabb (1978:147) bring *vertroosting* as deel van die beradingsproses in die situasie van die beradene. Reinecke (2001:158) meld verder dat Crabb se beradingsmodel in die praktyk beteken om mekaar se laste te dra.

### 4.6.5 Gebruik van modelle

Nadat die beradene vermaan en in liefde besorg is (*Adams*, 1970) word hy gehelp om met sy innerlike konflik en probleme te *"cope"* (*Collins*, 1988). Daarna word die beradene vertroos en bemoedig (*Crabb*, 1978) en God se lig bring 'n oplossing in die donker areas en leemtes van sy situasie (*Smith*, 1996).

Die navorser stel dus 'n model voor wat saam met al die genoemde modelle as oplossing vir die probleem van 'n afwesige vader gebruik kan word.

## 4.7 DIE NAVORSER SE VOORGESTELDE MODEL

Op grond van die verskeie riglyne wat in hoofstuk 2 en hoofstuk 3 beskryf word, ontvou die navorser sy eie voorgestelde riglyne vir die vader binne die gesin en die gemeenskap.

### 4.7.1 Hoe kan die vader sy rol behoorlik vervul ?

Die vader kan sy rol behoorlik vervul deur basiese beginsels na te volg waar sy teenwoordigheid en betrokkenheid tydens die verskillende lewensfases van die kind begin.

#### *4.7.1.1 Die vader se rol met betrekking tot die baba*

- Die vader se rol tydens die moeder se swangerskap en by die geboorte van die kind is van kardinale belang. Die vader moet die baba in die moeder voel en na die geluide wat die baba maak, luister. Hy moet betrokke wees wanneer die moeder besig is om geboorte te gee (vgl. 2.3.1). Uit die onderhoude (vgl. 3.6.2) tree respondent B se broer as 'n vaderfiguur vir haar seuntjie op wat impliseer dat die vader se rol by die baba aanvang neem.

- Hierdie teenwoordigheid en ondersteuning van die vader versterk die band met die moeder en die kind soos beskryf onder die Maatskaplike perspektiewe (vgl. 3.4).

- Vanaf dag een met die geboorte van die kind moet die vader betrokke wees (vgl. hoofstuk 3). Sy fisiese kontak en aanraking met die kind is belangrik, want daardeur word die band tussen die vader en kind versterk soos genoem onder die Psigologiese perspektiewe (vgl. 3.3). Die onderhoud met respondent H toon aan dat die kinders as babas 'n vrees ontwikkel het vir hulle vader as gevolg van sy gedrag. Respondent H het gevoel dat die vader se houding en gedrag juis op daardie stadium van belang is (vgl. 3.6.8).

- Verder moet die vader bereid wees om die baba se doekies om te ruil, te bad en selfs te voed, indien die baba nie geborsvoed word nie (vgl. hoofstuk 3).

- Die vader moet wys dat hy in beheer van die situasie is, waar hy moeilike situasies kan hanteer.

- Hierdie betrokkenheid bring verryking wanneer die vader sy verantwoordelikheid met betrekking tot die kinderversorging nakom (vgl. ook 4.8.4).

- Sy betrokkenheid by die baba sowel as by die moeder skep unieke kwaliteite soos 'n hegte band tussen die vader en die kind.

- Die vader moet verder in die kind se babastadium speletjies beoefen waardeur die kind leer om byvoorbeeld gesigsuitdrukkings te kan identifiseer.

- Die vader moet genoegsame tyd met die kind(ers) deurbring, alhoewel sy werk somtyds 'n groot deel van elke dag in beslag neem. As die vader gedurende die week nie baie van sy kind(ers) gesien het nie, moet hy sorg dat hy gedurende die naweek en vakansies tyd met sy kinders deurbring, soos saamgevat in hoofstuk 3 (vgl. 3.4.2).

#### *4.7.1.2 Die vader se rol by die kleuter*

- Die vader se gedrag teenoor sy kind speel 'n baie belangrike rol in die opgroei, want die kind moet opgroei met 'n gesonde selfbeeld en 'n hoopvolle toekoms (vgl. ook 3.3).

- Die vader moet nie net besorg optree nie, maar ook belangstelling in sy kind(ers) toon sodat die kind(ers) 'n goeie selfbeeld ontwikkel. As die vader oormatig streng en krities is, sal die kind onwaardig voel en 'n swak selfbeeld ontwikkel. Vir die effektiewe gebruik van die Skrif, vergelyk Efesiërs 1-4 en Kolossense 3:20 en 21.

- Die vader moet in alle gevalle die vrae van die kind eerlik en opreg beantwoord. As die vader nie die antwoord ken of weet nie, moet hy die kind meedeel dat hulle altwee die antwoord moet uitvind.

- Die vader en die moeder moet altwee betrokke wees by die opvoeding van die kind. Die vader moet vir die kind lees en stories vertel. Hy moet selfs opvoedkundige speletjies met die kind speel soos byvoorbeeld om die kind vir 'n uitstappie te neem en klein opdraggies aan hom op te dra. Die kind moet die vader sien koerante en boeke lees. As die kind by 'n kleuterskool is, moet die vader hom/haar gaan haal. Hier moet die vader selfs die kind se onderwysers ontmoet. Die vader moet die kind wys dat hy as vader belangstelling toon in wat by die skool gebeur. Dit is essensieel dat kinders moet opgroei met die wete dat beide ouers belangstelling in hulle opvoeding toon (vgl. ook 3.2).

- Die vader moet die kind wys dat hy hom/haar liefhet. Baie vaders voel dit is nie manlik om jou kind te omhels en te soen nie, veral wanneer die kind 'n seun is. As die vader die kind wys dat hy hom/haar liefhet, sal die kind normaalweg as 'n liefdevolle persoon opgroei.

- Die vader moet seker maak dat sy kind in 'n veilige omgewing bly. Die vader moet na sy huis, deur die oë van sy kind kyk en van al die gevaarlike terreine 'n nota maak. Die vader moet byvoorbeeld giftige middele toesluit en seker maak dat alle elektriese bedrading in die huis veilig is. As die vader die kind in die motor uitneem, moet hy seker maak dat die kind vasgegordel is. Die vader moet die kleuter op die agterste sitplekke hou en nie toelaat dat die kind opstaan nie.

- Die vader moet onthou dat hy die kind se rolmodel is. Kinders leer uit die gedrag en houding van hulle ouers. As die vader die seun leer om eendag 'n man te wees, moet hy ook aan die dogter

spesiale en betekenisvolle aandag gee sodat sy eendag as 'n dame met selfvertroue haar plek kan vol staan. Dogters is geneig om beter met mans te assosieer wanneer hulle met hulle vaders se liefde en goedkeuring opgroei (vgl. 3.2 en 3.3).

- Geloofsleiding moet daarop dui dat die kind sy afhanklikheid van sy Hemelse Vader ervaar (vgl. Deut. 6 en par. 4.9).

### *4.7.1.3 Die vader se rol by die hoërskool tiener*

- Dieselfde gesindheid en houding wat die vader vanaf die baba tot die kleuterstadium getoon het, moet hy ook nou by sy tiener(s) doen handhaaf (vgl. 3.2.2).

- Die vader moet af en toe sy tiener(s) uitneem vir etes en ander opvoedkundige aktiwiteite soos byvoorbeeld om 'n goeie gesinsfliek, opvoerings wat deur verskillende instansies of selfs deur die tiener se skool aangebied word, by te woon. Die rede hiervoor is dat die vader vrae kan vra wat waardes, norme en etiese beginsels by die kind kan vaslê (vgl. ook 3.2.2).

- Die vader moet in staat wees om vroegtydige reëlings te tref en beplanne te beraam om sy gesin na 'n uitputtende jaar se werk of selfs gedurende die jaar met vakansie te neem.

- Die vader moet die voorbeeld stel deur sekere "dinge" wat stukkend in die huis is, reg te maak en so aan die tiener 'n voorbeeld van betrokkenheid by die gesin daar te stel.

- Die vader moet verder vergaderings met sy gesin hou, waar samesprekings kan help om sekere probleemsituasies of aspekte waarin die tiener(s) hom/haar bevind, op te los (vgl. 3.3.2).

- Die vader moet nie net streng wees en sy outoriteit op sy tiener(s) afdwing nie, maar hy moet ook 'n vriend en selfs 'n held wees.

- Die vader se rol is ook om vir sy tiener(s) se foute uit te wys en hulle leiding gee om nie dieselfde fout te begaan nie. Hy moet dus deurgaans 'n voorbeeld wees waar hy waardes by die kind vestig (vgl. 3.2.2).

- By tieners ontstaan soms die gevoel waar die een kind voel dat die ander een bo hom bevoorreg word. By so 'n situasie moet die vader regverdig en liefdevol optree.

- Die vader moet sy tiener(s) prys vir goeie uitslae, goeie prestasie en selfs vir klein takies wat hulle by die huis verrig.

- Die vader moet intens in sy tiener(s) se doen en late soos buitemuurse bedrywighede belang stel, soos om saam te gaan swem en altyd 'n goeie voorbeeld te stel waar hulle oortredings begaan (vgl. 3.3.2).

- Die vader se houding moet nie net geduldig en verdraagsaam by die moeder wees nie, maar ook teenoor sy tiener(s).

- Die vader moet hom weerhou om in die teenwoordigheid van sy tiener(s) in 'n geskil of konfrontasie met die moeder betrokke te raak. Die rede hiervoor is dat tieners baie maklik emosioneel raak en hulle emosies in afsku of haat laat ontaard. Die vader moet wys hoe hy konflik kan hanteer sodat die kinders op hulle beurt hulle eie konflik kan hanteer.

- Die vader moet nie net tugtig wanneer daar oortree is nie, maar moet ook liefde in oormaat gee (vgl. 3.3.2 – taalliefde).

- Kommunikasie tussen die vader en die tiener moet 'n tweerigtingproses wees waar die vader nie net praat en gesag afdwing nie, maar eerstens luister, raad gee en dissiplineer (vgl. Jak. 1:19).

- Die vader saam met sy tiener(s) en die moeder moet 'n gedugte span teen enige probleemsituasie vorm en saam 'n oplossing vir die probleem vind.

- Behalwe die sekuriteit wat die vader aan sy tiener(s) verskaf, is daar ook die emosionele en fisieke stabiliteit waar die vader omgee en gevoel betoon by situasies waar die tieners vriendskaps-verhoudings, teleurstellings en ander ervarings beleef (vgl. ook 3.4.2).

- Die vader moet belangstellend na sy tiener(s) luister, hulle vertroos en aanmoedig, maar nooit kritiseer nie. Hierdie belangstelling van die vader moet verder gedemonstreer word waar hy byvoorbeeld sy tieners uitneem om na 'n wedstryd te gaan kyk. By so 'n geleentheid moet die vader sy tiener(s) waardeer, hulle vashou, omhels en wys dat hy hulle as 'n gesin waardeer.

- Hierdie belangstelling van die vader strek verder waar hy ook oor die werk of vordering by die skool van sy tiener(s) navraag doen (vgl. ook 3.3).

- Hierdie tiener(s) het 'n behoefte aan 'n *"mens-pa"* en nie 'n *"god-pa"* wat altyd reg, altyd gebalanseerd en altyd alles weet nie; inteendeel, moet hy ook foute kan maak, dit erken, emosies kan wys en dit kan hanteer. Die vader moet verder vergewing kan vra waar hy verkeerd teenoor die kind en die moeder opgetree het. Die vader het ook 'n Vader in die hemel teenoor wie hy verantwoordelik is (vgl. 2.2.1).

- Die vader se rol verskil as dit kom by die tienerseun en die tienerdogter. Teenoor die dogter moet die vader baie beskermend optree net soos hy beskermend teenoor sy vrou optree. Die vader moet met sy dogter speel, want spel tussen ouer en kind kan geweldige geborgenheid teweeg bring. Die tienerdogter moet altyd

voel sy is pragtig en fantasties. Die vader ontvang in so verhouding 'n tipe van heldeverering (vgl. 3.3.2).

- By die seun is die rol van die vader meer rolidentifikasie. Die seun is die voorbeeld van die vader, waar hy die vader se skoene kan volstaan as dit kom by sekere verantwoordelikhede in die gesin.
- Die moeder moet ook die rol van die vader by die tiener versterk deur 'n goeie beeld van hom voor te hou soos uiteengesit onder die Psigologiese perspektiewe (vgl. 3.3).

## 4.8 DIE VADER SE ROL MET BETREKKING TOT DIE KIND SE GELOOFSLEWE

Die volgende diagram (4.1) verduidelik die verhouding van *beide* ouers teenoor God wat afwentel na die kind se geloof in God. Die kind ontwikkel later self om sy geloof tot God te bou en sy verhouding met God die Vader deur die werking van die Heilige Gees te versterk.

➢ Die vader en moeder staan in verhouding teenoor God en die effek van hulle geloof wentel af na die kind waarby die kind se verhouding en geloof teenoor God verder verdiep word deur die werking van die Heilige Gees (vgl. 2.3).

➢ *Beide* vader en moeder se geloofslewe beïnvloed die kind om sy God se aangesig te soek.

➢ Soos wat God die Vader van alle vlees is (Jer. 32:27), so behoort die vader se rol betekenisvol in sy gesin te wees (vgl. ook 2.2.1).

➢ Hierdie diagram (4.1) dui op die optrede van God toe Hy die mens geskape het en sy rolverwagtinge uiteengesit het (vgl. 2.3.1).





**Diagram 4.1: Die vader se rol met betrekking tot die kind se geloofslewe**

- Die vader is deur God aan die gesin toevertrou om as leier op te tree en die verantwoordelikhede van die gesin uit dra (vgl. hoofstuk 2). Respondent A benodig 'n vaderfiguur om leiding vir haar dogters te gee veral as dit kom by die dissipline aspek (vgl. 3.6.1).
- Die vader is aanspreeklik voor God om sy gesin met opofferende liefde te lei (vgl. 3.3.2).
- Die vader is die persoon wat in die fisiese, geestelike en emosionele behoeftes van die gesin moet voorsien (vgl. 2 en 3).
- Wanneer die vader die moeder lief het en ook belangstelling in haar toon, sal hy normaalweg sy kinders voor God liefhê (vgl. 3.4.2).
- Die grootste gawe of geskenk wat 'n vader aan sy kinders kan gee, is om hulle moeder lief te hê. Uit die vraelys (respondent G) het die vader, voor sy ongeluk, die moeder baie liefgehad en hierdie gesindheid en optrede het veroorsaak dat die kinders hulle vader baie liefgehad het (vgl. 3.6.7).
- Kinders verstaan die konsep van God die Vader beter as hulle hul aardse vader verstaan.
- Die vader moet sy kinders onderrig/leer by die instruksie van enige taak of situasie deur as voorbeeld te op te tree (vgl. 2.3).
- Die vader moet sy lewenswyse vanuit die Bybel beoefen en dit op 'n praktiese wyse in die daaglikse lewe van sy kind(ers) toepas (vgl. 2.2.2).
- Die vader moet kwantiteit sowel as kwaliteit tyd aan sy kinders bestee soos beskryf onder perspektiewe vanuit die Maatskaplike Werk (vgl. 3.4.2).
- Die vader moet 'n goddelike karakter demonstreer waar hy 'n navolger van Christus word en sekere eienskappe moet openbaar soos nederigheid, sagmoedigheid en geduld teenoor sy kinders.

Hy moet verder 'n navolger van die Here Jesus Christus wees (vgl. 2 Tim. 2).

- Die vader moet ook liefde demonstreer deur dissipline op sy kinders toe te pas (vgl. 2.3.2)
- Die vader moet 'n model word om liefde vir God en sy Woord te kweek. Die vraelys van respondent H wys dat, te midde van die afwesige vader die moeder en haar kinders nogtans groot liefde ontwikkel het vir die Woord van God terwyl hulle gereeld huisgodsdiens (huisaltaar) gehou het (vgl. 3.6.8).
- Hy moet ook 'n model word om liefde vir sy vrou en sy kinders te bewys (Mal. 4:6, Ef. 6:4, Kol. 3:20, Deut. 6:4-9 en 1 Tim. 3:4-5, 5:8).

## 4.9 DIE KWALITEITE EN ROLVERVULLING VAN DIE VADER

Die volgende diagram (4.2) stel die vader se kwaliteite en rolvervulling in die gesin voor. Hierdie enkele kwaliteite word volgens die navorser as essensieel in die raamwerk van die gesin beskou. Hierdie kwaliteite moet deur die vader nagestreef word om sy rol in die gesin te vervul.

### # *AANSPREEKLIKHEID* (vgl. diagram 4.2)

Die vader is aanspreeklik voor God om sy gesin in opofferende liefde te lei. Hy moet sy vrou en kinders liefhê deur in hulle fisiese, geestelike en emosionele behoeftes te voorsien (vgl. 3.4). Uit die empiriese ondersoek is dit duidelik dat in al agt gevalle van die respondente ontbreek die vader om sy betrokke rol te vervul, veral in die fisiese behoeftes van die gesin (vgl. 3.6).

Die grootste liefde wat die vader aan sy kinders kan bewys is om hulle moeder lief te hê en hiervoor is hy voor God aanspreeklik. Hy is verder aanspreeklik om sy kinders uit die Bybel te onderrig sodat hulle dit prakties in hulle daaglikse lewe kan toepas (vgl. hoofstuk 2).

Die man is verder die hoof van die huis, nie die baas nie. Hy is priester, profeet en koning. As priester moet hy sy gesin geestelik kan bring voor die Here en hulle in die waarheid leer en onderrig en vir sy gesin te bid. As profeet is dit sy taak om as voorloper by die Here in te tree en moet hy ook as middelaar optree om sy gesin na die Here toe te lei. As koning moet die vader voor staan en veg vir sy gesin teen die wêreld met sy omstandighede en verleidings. Verder moet die vader omsien na sy gesin se fisiese en emosionele welstand, waar hy ook heers met wysheid en integriteit en sy gesin met liefde dien. Respondent E wys dat in al hierdie eienskappe ontbreek die vader, want sy as moeder vervul hierdie rol alleen (vgl. 3.6.5).

**# *VERANTWOORDELIKHEID* (vgl. diagram 4.2)**

Die grootste verantwoordelikheid wat 'n pa in die huis dra, is die voorstelling van Jesus op aarde in sy gesin. Daarom neem die verantwoordelikheidsrol van die vader reeds in aanvang met die verlating van sy eie ouers om sy vrou aan te kleef (Gen. 2:24). Die vader is verantwoordelik om dissipline met sy teenwoordigheid op die gesin toe te pas. God het die vader in die amp van ouerskap aangestel waar hy in 'n posisie van verantwoordelikheid sekere aspekte soos leiding en opvoeding aan sy gesin moet verskaf.

Die verantwoordelikheid van die vader vind veral byval as dit kom by kindersorg en die toepaslike verpligting. Die vader bly dus in alle gevalle die verantwoordelike ouer om sy gesin gesond en wellewend te hou (vgl. 2.3.1).

God het die vader as die verantwoordelike ouer binne die raamwerk van die gesin geplaas om God se goeie eienskappe binne die gesin uit te leef. Verantwoordelikheid verseker dat die rol van die vader ernstig voor God opgeneem moet word en wanneer dit gebeur, seën God juis hierdie verantwoordelikheid in die beskerming van die gesin.

Sukses en vooruitgang kan deur verantwoordelike vaderskap bewerkstellig word, veral as dit kom by die kinders se belange. Verantwoordelike ouerskap

vra ook van die vader om finansiële ondersteuning aan die gesin te verskaf (vgl. ook 3.4).

Die onderhoud met respondente E en F wys duidelik dat die kinders geen respek en eerbied vir hulle vader het nie, as gevolg van die afwesige en onbetrokke rol van die vader en die misbruik van drank. Hierdie kinders kan nie sukses behaal en vooruit gaan in die lewe nie (vgl.3.6.5 en 3.6.6).

**# *OUTORITEIT* (vgl. diagram 4.2)**

Die vader se gesag is van kardinale belang, want daardeur word ouerlike verantwoordelikheid teweeg gebring. Die vader as gesagsfiguur moet sorg dat dissipline, orde, etiese norme, beginsels, standaarde, waardes en gedragskodes binne die konteks van die gesin geïmplementeer word (vgl. 3.2.2).

Die feit dat God ouerskap in die begin van die skepping ingestel het (Gen. 1:27), was om die vader se gesag toe te pas, veral in die lewens van sy kinders. Die vader staan in die amp van vaderskap waar hy sy outoriteit opneem om sy gesin in die weë van God te toevertrou.

Die vader is die gesagsfiguur wat as regeerder, priester, opvoeder en bestuurder van sy gesin optree want, agter die Vaderskap van God staan elke vader om sy gesin met gesag en liefde te lei.

Die vader moet verder gesag op die kind uitoefen sodat sekere waardes by die kind, veral op sy skoolloopbaan gereflekteer word (vgl. 3.3).

**# *MODELLERING* (vgl. diagram 4.2)**

Christus was die model van God wat analogies is (Joh. 10:19-30; 8:19-20, Kol. 1:18) dat die vader 'n model moet wees om sy gesin in alle opregtheid, eerbied, waarheid, liefde en ander fasette na God toe te bring. Weens die feit

dat die vader by al die respondente afwesig is, is dit baie moeilik vir die moeder om alleen as rolmodel op te tree en die kinders in alle opregtheid voor God te lei (vgl. ook 3.6).

In die geval van respondente E en H neem hulle maar self die leiding om 'n goeie voorbeeld as Christen vir hulle kinders te stel (vgl. 3.6.5, 3.6.8).

Die vader modelleer aan sy kinders deur hulle op te voed, dissiplineer en in die vrese van die Here op te voed. Onderwysing en waarskuwing word ook vanaf die vaderhart na die kinders oorgedra (vgl. Spr. 1:9).

Die vader is die rolmodel vir sy kinders, want hulle leer uit sy gedrag en houding. Die vader se voorsiening in die behoefte van sy gesin is vir die kinders 'n goeie aanduiding van hoe 'n vader moet optree en hulle kan dit waarneem om eendag in hulle eie lewens toe te pas.

Die vader is ook 'n rolmodel vir ander vaders deur die wyse waarop hy sy kinders help en bystaan in veral hulle huiswerk en ander aktiwiteite soos beskryf onder die Sosiologiese perspektiewe (vgl. 3.2.2). As kinders sonder die betrokkenheid en teenwoordigheid van die vader opgroei, verloor hulle die nodige dissipline en sosialisering van die vader as rolmodel. Al die respondente poog om hulle kinders met skoolwerk en verdere studie te help, maar ondervind probleme wanneer dit by die finansiële verpligting kom.

Respondente A en B is self besig met studie en dit is vir hulle baie moeilik om die mas op te kom sonder die teenwoordigheid van die vader (vgl. 3.6.1) en 3.6.2).

Die vader moet verder by die moeder leer, veral as dit kom by die sorg van die kinders en om sekere vaardighede aan te leer. Hy moet hierdie aspekte as basis gebruik om 'n goeie versorger te wees (vgl. 3.2.2).

Die modellering van die vader strek verder waar hy 'n model van manlike gedrag by die geslagsrol van die kind fasiliteer (vgl. 3.3).

# *BESKERMING* (vgl. diagram 4.2)

God die Vader bied sy beskerming vir die gesin en die vader moet op dieselfde wyse sy beskerming vir sy vrou en kinders bied. Die vader is nie net die regeerder, priester, opvoeder en bestuurder van sy gesin nie, hy is ook hulle aardse beskermheer in tye van gevaar.

Die vader is die ouer wat verseker dat sy kinders in 'n veilige omgewing bly. Veiligheidsmaatreëls met betrekking tot die gesin moet ten alle tye deur die vader nagekom word. Die beskerming van die vader vir sy dogters is van kardinale belang, want hy moet meer versigtig en beskermend optree omdat dogters baie keer die teiken van misdadigers word (vgl. 3.2).

Die vader se voltydse betrokkenheid by die gesin verhoed en verminder die risiko of gevaar wat die kinders sal loop. In die geval van respondente C en G (vgl. 3.6.3 en 3.6.7) loop die kinders alreeds 'n gevaar waar die moeder baie keer bekommerd oor die kinders is, veral as hulle laat by die huis aankom. Gedurende die onderhoude het hierdie moeders baie bekommerd en het openlik gepraat oor die gevaarplekke wat die kinders besoek en hulle kan nie die kinders dissiplineer nie. 'n Sterk vaderfiguur is noodsaaklik om die kinders te beheer (vgl. 3.6).

Die welstand van die kinders kan beskerm word deur die vader se onvoorwaardelike liefde, ontferming en toewyding.

# *VOORSIENING* (vgl. diagram 4.2)

Die vader se voorsieningsrol begin reeds tydens die moeder se swangerskap en veral as sy op die punt is om geboorte te skenk. Hierna word sy rol van voorsiening oorgedra na die baba, kleuter en die tiener waar hy versorging en vertroeteling toepas (vgl. 3.2).

Die vader word gesien as die primêre broodwinner van die gesin. Hy is die persoon wat kos, klere, geld en ander benodigdhede aan die gesin voorsien.

Die vader se teenwoordigheid en betrokkenheid is ook deel van sy voorsiening veral in die gesin se probleemsituasies (vgl. 3.2.2).

Die kind se ontwikkeling in die samelewing is belangrik, daarom moet die vader ten alle tye in die ekonomiese sy van sy kinders voorsien. Die vader moet beskryf word as die "goeie voorsiener" met verwysing na God die Vader as die Goeie Voorsiener (vgl. 3.4). Respondent G is die enigste geval waar die vader as 'n "goeie voorsiener" beskou is, want die moeder het openlik erken dat sy baie voorregte geniet het voor die afsterwe van haar man (vgl. 3.6.7).

Alhoewel die vader se voorsieningsrol by die materiële sy begin, eindig dit waar hy as vader voorsien dat sy gesin in alle opregtheid voor God sal lewe.

Dit is van kardinale belang dat die vader voldoende tyd by sy gesin moet deurbring. Hy moet met sy kinders tyd spandeer waar aktiwiteite, programme en ander fasette nagekom moet word (vgl. 3.4.2).

**# *INTIMITEIT EN LIEFDE* (vgl. diagram 4.2)**

Die vader, moeder en kind staan in 'n verhouding wat geïdentifiseer word deur liefde en intimiteit. Sy teenwoordigheid en betrokkenheid by sy gesin word omskep in liefde, eerbied, aanraking en tevredenheid.

Die primêre verantwoordelikheid van die vader binne die raamwerk van die gesin is om sy vrou lief te hê. Hier moet die vader se gesindheid intiem wees en sy liefde moet deur kwaliteitstydsbesteding bewys word. Met liefde en intimiteit word bedoel dat die vader inisiatief neem om sy vrou as 'n geskenk van God te dien, te versorg en te eer. Sekondêr is hy verplig om sy kinders lief te hê, te onderhou, te vertroos en by te staan. Die vader moet bewus wees dat hy eendag rekenskap voor God moet gee van hoe hy sy gesin liefgehad en gedien het. Al agt respondente het meegedeel dat die vader ontbreek wanneer dit kom om tyd met sy gesin te spandeer (vgl. 3.6).

Die vader se liefde en intimiteit kan verder deur ***vyf*** elemente aan sy vrou en kinders oorgedra word.

- Daar is eerstens sy fisiese aanraking veral by sy kinders wat van kardinale belang is. Hier word gekyk na die verskillende stadiums van sy kind soos die baba-, kleuter- en die tienerstadium (vgl. 4.8.2).
- Tweedens moet die vader woorde van versekering aan sy gesin gee soos liefde, aanprysing en bemoediging. Baie keer kan hierdie woorde van groot betekenis vir die kind wees as dit positief en korrek gebruik word, want die kind se selfbeeld word daardeur opgebou. As dit verkeerdelik en op 'n negatiewe manier gebruik word, kan die kind se selfbeeld geskend word.
- Derdens moet die vader kwaliteitstydsbesteding aan sy kinders sowel as sy vrou bestee. Hierdie tydsbesteding is die geskenk van beide ouers aan hulle kinders (vgl. 3.4).
- Vierdens moet die vader aan sy vrou geskenke gee, maar hierdie gee van geskenke mag nie die plek van die vader se teenwoordigheid en betrokkenheid inneem nie (vgl. 3.3.2).
- Vyfdens moet die vader en die moeder op 'n sinvolle wyse diens aan hulle kinders lewer en so ook die vader aan die moeder. Die hoofdoel van die vader se dienslewering aan sy kinders en vrou sal wees om te doen wat vir hulle die beste is. Hy sal ook moet onderskei by die verskillende fases van die kind se lewe wanneer hy diens lewer (vgl. ook 4.8.2). Die kinders moet ook sien en weet dat die ouers hulle eie intieme verhouding het en vertroetel.

**# *LEIDING* (vgl. diagram 4.2)**

Die vader is die persoon wat leiding aan sy gesin gee waarvolgens hy aan ***drie*** aspekte aandag moet gee :

- hy is eerstens 'n leier as dit kom by sy liefde vir God en sy Woord;
- tweedens demonstreer hy sy liefde vir sy vrou;
- derdens moet hy sy kinders innig liefhê.

God het die vader in die posisie van ouerskap aangestel waar hy leiding neem om sy kinders op te voed en te dissiplineer. Sy leidingsrol geskied verder in waarskuwing en onderwysing aan die kind. Die vader voed nie net sy kinders op met die Woord van God nie, maar hy onderrig hulle en wys hulle die pad wat hulle moet volg (vgl. hoofstuk 2).

Die vader neem verder leiding as dit kom by die verantwoordelikheid van die gesin waar hy pligte uitvoer en oplossings veral in probleemgevalle, krisisse en situasies moet hanteer. As dit kom by emosionele aspekte en probleme van geestelike aard, neem die vader leiding waar hy God en sy Woord raadpleeg.

Die vader gee ook leiding aan sy seun om aan sekere aspekte in die huis aandag te gee soos byvoorbeeld om dinge te herstel.

Aan die dogter gee hy leiding om dinge in die huis baas te raak soos byvoorbeeld om kos voor te berei wanneer die moeder ongesteld of afwesig is. Vir die moeder gee die vader leiding om die gesin in sy afwesigheid, as gevolg van sy werk en dringende take, te bestuur en te lei.

Die vader se rol as leier op welke wyse hy dit ook al beoefen, mag nie gekritiseer word nie. As hy byvoorbeeld goeie waardes en norme in sy huis voorstel, byvoorbeeld waar sy kinders nie toegelaat word om aktiwiteite en partytjies waar drank en ander nadelige dinge betrokke is, by te woon nie, mag sy leidingsrol nie veroordeel word nie, maar liefs deur die moeder ondersteun. Die vader en die moeder moet liefs die situasie privaat bespreek en nie voor die kinders nie (vgl. 3.4.2). Die vader se rol is om leiding te gee en bied hy morele ondersteuning en motivering met die oog op sy kinders se toekomsloopbane (vgl. 3.4).

## 4.10 VOORLOPIGE SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4

Die praktykteoretiese perspektiewe of riglyne vir die vader binne die gesin en die gemeenskap kan met die volgende stellings saamgevat word :

- **Moontlike beradingsmodelle**
  Dit word in hoofstuk 4 voorgestel.

- **Bybelse berading:**

  - ➢ Bybelse berading is die aanwend van beradingstegnieke en religieuse elemente;
  - ➢ die verandering van die mens en sy verlossing staan sentraal in die Skrif;
  - ➢ Bybelse berading maak gebruik van hulpbronne soos die Bybel en gebed.

- **Die doel van Bybelse berading**

  - ➢ Die verandering in die mense se lewe word deur die vrymakende krag van Christus bewerkstellig.

- **Die beradingsverhouding**

  - ➢ Die *berader* moet die volgende eienskappe tot Bybelse berading hê:

    - • *Wedergeboorte.*
    - • *Gevul met die Heilige Gees.*
    - * *Kennis van die Bybel.*
    - * *Akademies en professioneel vakkundig wees.*

- *Eienskappe van Christus besit soos onder andere empatie, liefde, versorging en ander fasette.*

Die *beradene* is veronderstel om aktief deel te neem aan die beradingsproses.

- **Die beradingsproses:**

➢ Die beradingsproses moet korrek en Bybels hanteer word.

➢ Luister is van kardinale belang in die beradingsproses.

➢ Skrifgebruik en gebed is essensieel in die beradingsproses.

- **Die verskillende modelle vir Bybelse berading**

Verskeie modelle vir Bybelse berading is beskikbaar, waaronder die beradingsmodel van **Crabb**, **Adams** se *noutetiese* beradingsmodel, **Collins** se mensehulpmodel en **Smith** se *Theophostiese* bedieningsmodel bekend is.

- **Die navorser se voorgestelde model vir die ontbrekende vader**

➢ Sy effektiewe rol tot die baba:

* Die vader se rol begin hoofsaaklik met en tydens die moeder se swangerskap en tot wanneer die baba gebore word.
* Genoegsame tyd is van kardinale belang.

➢ Sy effektiewe rol by die kleuter:

* Die vader se gedrag het 'n groot invloed op die kind met sy opgroei en selfbeeld.
- Die vader moet in alle fasette van die kleuter soos sy skool, onderwysers en ander fasette belangstelling toon.
- Die vader is verantwoordelik vir sy kind se veiligheid.

➢ Sy effektiewe rol by die tiener:

   * Die gesindheid en houding wat die vader by die baba en die kleuter gehandhaaf het, moet ook by die tiener van toepassing wees.

   * Die vader se intense belangstelling in sy tieners bewerkstellig dat die kinders goeie vordering by die skool sal toon.

- **Die vader se rol met betrekking tot die kind se geloofslewe:**

➢ Die diagram (4.1) verduidelik die vader as ouer se verhouding teenoor God wat die kind se lewe bepaal (vgl. 4.9).

➢ Die vader se geloof teenoor God bewerkstellig dat die kind selfstandig optree.

➢ Deur die vader se geloof in God bewerk die kind sy geloofsgroei deur die werking van die Heilige Gees.

➢ Die vader se liefde vir sy gesin spruit vanuit sy liefde vir God.

➢ Die geskenk wat 'n vader aan sy kinders kan gee, is om hulle moeder lief te hê.

- **Die kwaliteite en rolvervulling van die vader:**

➢ Die diagram (4.2) bring die vader se kwaliteite en rolvervulling in die gesin na vore (vgl. 4.10).

➢ Die kwaliteite sluit die volgende in:

   - *Aanspreeklikheid.*
   - *Verantwoordelikheid.*
   - *Outoriteit.*
   - *Modellering.*

- *Beskerming.*
- *Voorsiening.*
- *Intimiteit en liefde.*
- *Leiding.*

## 4.11 SLOT

In hierdie hoofstuk is praktykteoretiese riglyne neergelê met betrekking tot die ontbrekende vader in die gesin. In die volgende hoofstuk word gekyk na die navorser se gevolgtrekking en ander terreine van studie.

# HOOFSTUK 5
# BEVINDINGS

## 5.1 FINALE GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk word die navorser se finale gevolgtrekkings weergegee en gekyk na moontlike ander terreine vir verdere studie.

## HOOFSTUK 2

- Die grootste verantwoordelikheid wat 'n vader in sy huisgesin dra, is die navolging van Jesus Christus.
- Die Vaderskap van God maak dit moontlik vir die vader om sy rol en funksie binne die gesin te vervul en buite die gemeenskap uit te leef.
- Omdat God die Oorspronklike Vader is, neem die man afskeid van sy ouers om 'n groter en betekenisvolle rol as vader in sy gesin te vervul.
- Die gesin moet eer en respek aan God die Vader betoon en dan sal hulle ook eerbied, respek en gehoorsaamheid aan die aardse vader bewys.
- God is die Vader van Jesus Christus en Jesus is die Hoof van die Kerk. Hierdie vergelyking en voorstelling maak die vader die hoof van sy gesin.
- Die titel "Vader" is die primêre naam wat Christene kan gebruik om met God te identifiseer en daarom kan hulle voordeel trek uit God se goedheid, want God is die Gewer van goeie gawes.

- Wanneer die vrou die status van die man in sy afwesigheid oorneem, help sy om die rol, funksie en posisie van die man aan te vul en so sy amp van vaderskap te verteenwoordig.

- Die vader is die verantwoordelike persoon om waardes, norme, standaarde, beginsels en etiese aspekte in die gesin vas te lê.

- Die vader se betrokkenheid en teenwoordigheid bevorder die gesin se welstand waar die kinders voordeel trek in gebiede soos selfstandigheid, opvoeding en ander fasette.

- God plaas sy seël op die man om sy rol van vaderskap op te neem, om sy vrou lief te hê en sy kinders te lei, te onderrig en te dissiplineer.

- Wanneer die vader hierdie aspekte uitvoer, is die universele Vaderskap van God deel van hom.

## HOOFSTUK 3

Uit die drie dissiplines (Sosiologie, Psigologie en Maatskaplike Werk) word die vader se rol en funksie met betrekking tot die gesin bepaal.

***Sosiologie***

- Vaderskap ontstaan en ontwikkel in die huwelik tussen 'n man en 'n vrou wanneer daar kinders gebore word.

- Die vader is die ideale persoon wat die huwelik vorm en deurtrek totdat sy rol volle betekenis in die huisgesin kry.

- Hierdie huwelik word in die gemeenskap sosiaal erkenbaar.

- Die vader kan nie losgemaak word van die gesin nie, want die verhouding waarin die vader, moeder en die kind hulle bevind, is onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

- Alle mans kan nie ware vaders genoem word nie, want vaderskap ontwikkel en groei deur middel van 'n proses wat in die gesin aanklank vind en daarom word vaders nie *"gebore"* nie, maar *"gemaak"*.

***Psigologie***

- Die morele karakter vir kinders word by die huis gevorm waar die vader as gesagsfiguur optree en nie in skool nie.
- Die psigologiese afstand tussen kinders en vaders kan krimp wanneer vaders meer aandag aan die emosionele aspekte gee.
- Die vader se rol vind reeds by die puberteitstadium van die kind plaas waar waardes, selfbeeld, selfkonsep en selfpersepsie vasgelê word.
- Die vader se betrokkenheid verseker die kind se sukses in die samelewing.
- Betrokke vaders sien toe dat die kind se kognitiewe en intellektuele vermoëns groei en ontwikkel.

***Maatskaplike Werk***

- Kinderverwaarlosing kom grootliks voor as gevolg van die afwesige rol van die vader.
- Maatskaplike Werk word toegepas by die rekonstruksie van die gesin waar die vader sy rol en funksie moet vervul.
- Elke gesin het die teenwoordigheid van 'n vader nodig, ongeag die nasionaliteit van die persoon.
- Die biologiese vader is meer belangrik as die *"ander vaders"* sodat verwarring by die kind uitgeskakel kan word.
- Die moeder is die steunpilaar wat moet toesien dat die vader se beeld effektief na vore kom.

- Die rol van die vader moet rigtinggewend wees sodat probleme waar veral dogters ter sprake is, uitgeskakel word.

*Empiriese ondersoek*

**RESPONDENTE A, B, C, D, E, F, G en H (vrouens wat die probleem van die ontbrekende vader ervaar en beleef) is in hierdie ondersoek gebruik.**

- Al agt respondente is *wedergeborenes* waar een (respondent B) die pad byster geraak het.

- Van al agt respondente is dit net respondent B en H wat Bybelse berading ontvang.

- Geen *leier of pastoor* was direk by die respondente betrokke met betrekking tot die probleem van 'n ontbrekende vader nie, behalwe in die geval van respondent H.

- Alhoewel *godsdiens* deur al agt respondente as die mees belangrikste element in hulle lewe beskou word, blyk dit tog dat almal neig en Bybelse berading benodig waar God elkeen op sy eie manier en wyse help en bystaan in hulle probleem van 'n ontbrekende vader.

- As die respondente vroeër effektiewe Bybelse berading ontvang het, sou hulle huwelike suksesvol gewees het en hulle 'n beter kwaliteit lewe gehad het.

- Dit is deur die vraelyste en onderhoude wat gevoer was duidelik, dat die probleem van 'n ontbrekende vader wat nie sy rol en funksie behoorlik vervul het nie, gelei het tot egskeidings (respondent A, D, E en H).

- Hierdie moeders ervaar en ondergaan emosionele druk, maar het behoefte aan Bybelse berading.

- God se hand het klaarblyklik in respondent B, D E en H ingegryp en so hulle situasie verbeter en opgelos.

## HOOFSTUK 4

- Die moontlike beradingsmodelle kan saam met die navorser se voorgestelde model geïmplementeer word om die probleem van 'n ontbrekende vader op te los.

- Bybelse berading bring verandering in die mens se lewe, want die mens se verlossing staan sentraal in die Skrif.

- Die berader en die beradene staan in verhouding tot mekaar waar die berader Christus se eienskappe na vore moet bring en die beradingsproses die essensiële elemente van Skrifgebruik en gebed moet insluit.

- Die navorser se voorgestelde model sluit die vader se effektiewe rol by die baba, kleuter en die tiener in.

- Diagram 4.2 bring die vader se kwaliteite en rolvervulling in die gesin na vore.

- Diagram 4.1 verduidelik die vader se verhouding tot God en tot sy vrou en dan tot sy kind. Uit hierdie verhouding leer die kind self om sy verhouding tot God te bou en tot sy vader en moeder.

## 5.2 SLOT

Hierdie studie is vanuit die Skrif gedoen om riglyne vas te stel om die ontbrekende rol van die vader in die gesin terug te bring. Verder is gekyk na die **drie** dissiplines, naamlik Sosiologie, Psigologie en Maatskaplike Werk om aspekte uit te lig wat die vader kan gebruik en toepas in die gesin om sy rol effektief te maak. Hierna het die navorser sy voorgestelde model met die

hulp van ander modelle ontvou om die rol en funksie van die vader uitnemender vir die gesin te maak.

Bybelse berading word in hierdie studie as een van die kardinale aspekte beklemtoon om vaders te help om hulle rol beter te vol te staan. Hierdie Bybelse berading is op die bediening aan die vader gerig sodat die Heilige Gees van God hom kan versterk en laat besef dat sy amp van vaderskap oorspronklik van God die Vader is en hy sodoende sy vaderskap in daardie lig moet uitleef.

## 5.3 ANDER VOORGESTELDE TERREINE VAN STUDIE

Die bestudering van die volgende temas kan bydra en help tot die verdieping van Bybelse berading aan die ontbrekende vader in die gesin en die gemeenskap :

- Praktykteoretiese riglyne vir die toerusting van die moeder in haar situasie van 'n ontbrekende man/vader.
